



Matieland


Universiteit van Stellenbosch

Jaargang 17

Nommer 2 Augustus 1973



C. J. Langenhoven
1873-1973



DIE FEDERALE GROEP

Manne met dryfkrag
Middele vir groeikrag
Moontlikhede met trefkrag

Vir
die man
wat
kwaliteit
bo alles
stel

★ ★ ★ ★ ★

Oude Meester
Die Wêreld
se Beste
Brandewyn



Twee maniere om vermoënd te word:



Boor olie raak in jou agterplaas- of Betaal Jouself Eerste

'n Gelukskoot, eendag, is natuurlik moontlik. Maar wie wil net van hoop leef?

Die sekerste manier om te weet dat jy eendag geld sal hê is om jouself van vandag af eerste te betaal!

Hoe om dit reg te kry? Niks is makliker of meer lonend nie. Sit net elke maand 'n bedrag opsy vir jouself — voordat jy die huisbaas, klerewinkel, motorhawe, ens. betaal. Hierdie geld is *joune*, om mee te woeker vir die toekoms.

Waar word geld die beste ingespan? By DIE OU MUTUAL; in enigeen van sy groot reeks lang- of mediumtermynplanne.

Die keuse berus by jou: 'n gesinsbeveiligingsplan, 'n studiefonds vir jou kinders, 'n winsverdelingsplan, 'n langtermynplan vir versekerde besparing, 'n fonds om aanvullende inkomste te voorsien na aftrede. En natuurlik, enige OU

MUTUAL-plan het die groot, driedelige voordeel van lewensdekking, winsdeling en belastingbesparing.

Word 'n winsdelende vennoot. DIE OU MUTUAL behoort ten volle aan sy lede. Geen buitestaander is geregtig op winste vooraf nie. Jy ontvang jou volle deel.


Olie mag jy miskien nooit raakboor nie. Maar 'n waardevolle aandeel in Suid-Afrika se grootste en mees ervare lewensversekeringsgenootskap kan jy wel besit. Hierdie voordeel, en talle ander, kan jy geniet as jy jouself eerste betaal!



DIE OU MUTUAL

Suid-Afrikaanse Onderlinge
Lewensversekeringsgenootskap

DIE TOEKOMSMAKERS



747 verskonings om met ons Minlike Makro te vlieg

No. 118: Vir rugbyvoorspelers.

Sê vir julle afrigter dat julle gaan betoog oor die vliegtuie waarin julle moet reis. Julle het ten minste agt voet skouerruimte nodig. Groot sitplekke. En die slotte kla dat almal op hulle liddorings trap. Die gange moet groot genoeg wees om in litte los te maak.

Sê vir hom daar's net een vliegtuig wat groot genoeg is – 'n Makro van die Suid-Afrikaanse Lugdiens, en as julle nie met hom kan gaan toer nie, gaan iemand geborsel word.

Ons kies u koers



SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

BOEING 747B
- ONS MINLIKE MAKRO



Ons skep die toekoms in staal

Hier by Yskor is die hede
opwindend.
Die toekoms onbegrens.
Staal is ons materiaal.
Staal en die vaardigheid
van ons vakmanne.
Die drome van ons ingenieurs
en wetenskaplikes.
Hieruit gaan ons die
toekoms bou !



Yskor bied toekomsgeleenthede
in 'n groot aantal werkrigtings.
Wil u graag meer weet ?
Skryf aan :
Die Personeelbestuurder,
Yskor, Posbus 450, Pretoria.

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 17 NO. 2 AUGUSTUS 1973

In Hierdie Uitgawe

Redaksioneel

- Julle Onboet, Neels Ōu-Matriek*, 7
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 9
Grade- en Diplomaplegtighede, 9 Maart 1973, 11
Aanstellings en Bevorderings, 14
Sen. C. J. Langenhoven, D. Litt. (H.C.) (Stell.)
Eregraad D. Litt. aan Senator, 15
Langenhoven – 'n Jong mens onder Jongmense, 17
Die Stem van Suid-Afrika – 'n waardering, 19
Langenhoven: Siener, Rebel, Skepper, 21
Langenhoven – Gedenkaand: 12 Aug. 1932, 23
Mev. Magdalena Langenhoven, 24
Die Woeste Nag, 27

Kursusse

- Die Biochemie-departement*, 29
Instituut vir Beplanningsnavorsing, 31
Oefening Equi, 31
Uitbreiding, 33
Beurse en Skenkings, 35
Oud-Maties, 36
Notule van Konvokasie, 30 Nov. 1972, 38
Studentebedrywighede
Nethalspringbok, mej. Anna-Marie Uys, 13
Dr. Danie Craven's tears of pride, 41
Matie-Tukkie-Rugby, 41
Die Universiteitskoor na Europa, 42

VOORBLADFOTO:

Beeld van wyle sen. C. J. Langenhoven in die administrasiegebou van die Universiteit van Stellenbosch

DRUKKERS:

Nasionale Boekdrukkery Beperk
Elsiesrivier, Kaap

Julle Ouboet, Neels Ôu-Matriek

Nog steeds die ou klagte teen Stellenbosch

„Neels”, val Gerrie in: „Maar Stellenbosch is darem baie verander van daardie tyd af. Koos Kloete se seun studeer mos daar vir ek weet nie wat nie; ek was eergister-aand daar by hulle en die seun is op vakansie by die huis . . .”

Ja, my geagte leser, dit staan in *Aan Stille Waters* II, bl. 323 en is gedateer 27 Junie 1932, enkele weke voor „Neels” se dood op 15 Julie. Dit was slegs drie weke voor sy dood dat hy, moontlik dinkende aan sy jong vriende op Stellenbosch, gevra het: „Wat sal ons maak van die generasie wat voorlê, 1932 tot 1962?”

(Wat sal ons van 1973 se oordeel oor ons eie generasie wees?)

Langenhoven was seker ’n taamlik tipiese Stellenbosse student – daarom dalk sy empatie met studentel Aan die Victoria-kollege het hy selfs ’n periode van twyfel deurgemaak soos by talle studente en ander jongmense in hulle jeug vandag nog geopenbaar word. Sy liefdevolle pleegouers wou hê hy moes predikant word, maar sy geloofstwyfel het hom daarvan weerhou. Later sou hy tog, moontlik *Onder die Denne* sy God weer vind – soos so baie ander studente.

Hy het blykbaar net in die vakke waarin hy belang gestel het, gewerk en het sy eerste jaar ook maar net met die nodige punte in Engels, Hollands, Latyn en Meetkunde geslaag om sy Intermediêre B.A. te behaal. Sy tweede studiejaar het hy tuis deurgebring en vir sy derdejaar B.A. was hy terug op Stellenbosch waar hy sy graad met Engels, Hollands, Latyn, Logika, Sielkunde en Grieks behaal het. Sy geliefkoosde vakke was Latyn en die Grieks van Homeros.

Aan sport het hy nie juis deelgeneem nie en in die kadetkorps en tegniese militêre oefeninge ’n hekel gehad. Hy was egter lid van die Unie-debatsvereniging. In 1893, sy eerste jaar aan die Victoria-kollege, het hy reeds in die joernaal geskryf dat Engels die toekomstige

volkstaal van S.A. sou word want „for intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature and a very poor vocabulary”. Hoe sou hy hom nie eendag daarop toelê om juis hierdie tekortkominge aan te suiwer nie!

Sy patriotisme bruis op in later jare soos weerspieël in die slotparagraaf van „Ikabod”: „Suid-Afrika, my enigste plekkie op aarde, laat ek jou naam nog noem solank as jy hom vir my dra. Maar dit is waar, jy sal hom nie langer dra as tot jou eer weggevoer word deur jou eie kinders”.

Waarlik, geen Afrikanerstudent mag hierdie gedagte van hulle „Ouer Broer” uit die oog en hart verlies nie.

Alma Mater Mea Semper Nutriens

Hoeveel oud-Maties onthou die groot debat wat in 1932, sy sterfjaar, in die ou C.J.V.-saal (tans die Hofmeyr-saal) gehou is? Die groot redenaars van die Unie- en die Universiteitsdebatsvereniging het aanmekaar gesprong oor: „Die depressie is tot voordeel van die Suid-Afrikaanse volk.” Sowat 860 mense het die saal van 500 volgepak en (ds.) A. D. Raats was die voorsitter.

Prof. D. G. Malan van die Kweekskool het Langenhoven ’n harde hou geplant toe hy vra: „Was ’n Oudtshoorn van welvaart nie ’n Oudtshoorn wat afgedryf en werklik arm geword het nie?”

Daarna het dr. S. F. N. Gie gesê dat hy nie met die teoloog kon saamstem nie want as hy prof. Malan moes glo dan spaar die volk nou *minus* £7½-miljoen meer.

Prof. B. B. Keet (tans nog in ons midde) het uit die Bybel aangehaal: „alle kastijding, als dié teenwoordig is, schijnt geene zaak van vreugde . . . doch daarna geeft zij . . . een vreedzame vrucht . . .” Voorts vermeld hy van die Oudtshoornse ouderling uit die volstruisveertyd wat, as hy gevra is wat hy doen, geantwoord het: „Ek lê!”

Toe kom Langenhoven aan die beurt onder dawende

rende applous, met: „U het hier ’n voorbeeld van die wolharige welvaart van Oudtshoorn. Die opponente moet bewys dat depressie *heilsaam* is en nie dat *welvaart* onheilsaam is nie! . . . As ons bid, laat ons bid, nie dat die ewels deur die depressie genees moet word nie, maar dat die volk in die tyd van welvaart, die *lesse* van die depressie in die lewe moet toepas.”

Maar ondanks die feit dat Langenhoven hier die laaste sê gehad het, het die teoloë van die Universiteitsdebatsvereniging volgens beslissing van die voor-sitter met 600 teen 260 verloor. Vir Langenhoven was hierdie debat egter dadelik ’n nuwe geleentheid tot ’n *Aan Stille Waters* onder die voorgemelde Latynse opskrif.

Hy skryf: „Weer op Stellenbosch gewees . . . ’n mens gaan nie daarheen om te besiel nie, maar om besiel te word. Om ’n gepakte saal van stralende, geesdriftige, fris en gesonde en skone jong gesigte voor jou te sien, is om nuwe lewe in jou ou hart te voel. Stellenbosch bly mos altyd nuut”.

Dan verwys hy na die debat en sê dat die gehoor met ’n oorstelpende meerderheid besluit het, agter die professore aan, dat ’n depressie heilsaam is. Hy skryf: „en noudat die intelligentsia van Suid-Afrika met so ’n oorweldigende meerderheid besluit het dat die depressie vir ons ’n seën is, sal ek my daarby neerlê en die hoop koester dat hy nog baie erger moet word sodat hy *soveel meer van ’n seën kan wees!*”

„ONS UNIVERSITEIT”: „MY ENIGSTE KRAAL”

Die lojale oud-Matie

„Daar was ’n tyd in die verlede toe ons sonder skole moes klaarkom. En daarna was daar ’n tyd toe ons skole en hoërskole had, maar hulle was nie ons s’n nie. So het my vader my oral na skole toe gestuur en eindelijk na die hoërskool op Stellenbosch”. (Aan Stille Waters II, bl. 67.)

Soos met elke student dit nou nog die geval is, het Langenhoven dit beskou dat hy van sy huis weggeruk is en dat daar – soos ook dikwels die geval met vandag se studente is – tussen hom en sy vader ’n mate van verwydering gekom het omdat „ons mekaar eenvoudig nie kon verstaan nie want daar was geen gemeenskaplike geestelike grond vir aanraking nie . . . tog het ons nie vervreemd geraak nie. Ons instink van nasieskap sit te diep onder al ons ontrou en gekyf, baie vas en baie taai”. Dus kom vader en seun, ouer en kind tog in later jare weer geestelik bymekaar uit en die generasiegaping word oorbrug!

Juis omdat Afrikaanse hoërskole in Langenhoven se tyd nog nie buite Stellenbosch bestaan het nie, was

hy uiters jaloers op die besit van Stellenbosch. Daarom was hy in dié opsig „suinig tot inhagigheid toe. Stellenbosch is myne, myne en jou. *Ons* universiteit”.

Die heimwee na Stellenbosch neem met die tyd steeds toe wanneer hy sê: „Stellenbosch is myne, meer myne in my gryse ouderdom as toe ek ’n jongeling in sy klaskamers was . . . Wanneer ek nie meer oorbly nie, kan daar iets van my oorbly op Stellenbosch”. So het Langenhoven dan onherroeplik aangesluit by die groot skare van lojale oud-Maties – die grootste skat en bate van Stellenbosch.

Maar by woorde het Langenhoven nie gebly nie. Saad vir die toekoms moes gesaai word. Hy skryf hieroor: „maar die skatryk mense onder ons is skaars – ons was nog altyd besig om ander ryk te maak . . . maar hoeveel druppeltjies uit die emmer, hier ’n honderd pond en daar vyftig, wat betreklik geen verskil vir die nabywendes sou gemaak het nie, is daar nou al aan Stellenbosch vermaak? . . . As my huis verval, verval my kinders!”

In ’n ware kreet van lojaliteit sluit Langenhoven met: „Dit is ’n groot ding om te kan sê die Universiteit van Stellenbosch is myne. Dit is ’n groter ding om hom nie net te neem soos ek hom ontvang het nie, maar hom meer myne te maak met liefdesbewys van my kant af”. So het hy op 22 Junie 1931 vir sy alma mater gepleit.

Op Gewaagde Terrein

Langenhoven het dit as ’n groot eer beskou toe die Kweekskool hom gevra het om oor die letterkundige skoonheid van die Bybel ’n lesing te hou, maar hy was uiters huiwerig want „die Fariseër is bang om ongodsdienstig te lyk, nou gee hy hom uit vir meer godsdienstig as wat hy is. ’n Ander kan, in omgekeerde rigting, bang wees om vir ’n Fariseër aangesien te word en sy godsdienstige belydenis terug hou”. (Die lesing self kry u in *Die Huisgenoot* van die eerste week in Mei 1932.)

Op 14 April 1932 het Langenhoven gemelde lesing weer eens voor ’n volgepakte saal gelewer – die laaste maal dat hulle „Ouer Broer” voor sy „jonge vriende” opgetree het. Drie weke later stuur die bedagsame Langenhoven die manuskrip van die lesing, in ’n leerband gebind, aan Polumnia, met vriendelike groete. Die begeleidende brief was gerig aan ds. Gerrit Bruwer, sekretaris van Polumnia. Hy het dit onlangs aan mej. Sarah Goldblatt oorhandig wat dit op haar beurt aan die Universiteit van Stellenbosch oorgedra het.

So het Langenhoven van Stellenbosch afskeid ge-

neem: met 'n manuskrip in leer gebind en met vriendelike groete. Waarlik die Engel wat hom kom haal het, het hom by sy werk gevind! So was sy begeerte vervul.

Stellenbosch is dankbaar, al die duisende Maties en die tientalle duisende oud-Maties is dankbaar dat in hierdie eeufeesjaar vanaf sy geboorte Langenhoven weer gebore kon word – weer kon opstaan!

Langenhoven Redivivus! Hy lewe nog steeds in sy werke vir sy land Suid-Afrika!

REGTER-PRESIDENT

Regter J. T. van Wyk, lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch, is met ingang Augustus as Regter-president van die Kaapse Hooggeregshof aangestel. *Matieland* wens hom hartlik geluk met die onderskeiding.

Regter Andrew Beyers wat etlike jare die bogenelde pos beklee het, tree met pensioen af.

NA JARE SKEI L.D.T. EN U.S.

Dr. J. E. Erasmus is nie meer lid van die Universiteitsraad as benoemde deur die Minister van Landbou-tegniese Dienste, volgens wet no. 45 van 1926 nie, t.g.v. die onlangse wetgewing op Universitêre Opleiding (Landbou en Veeartseny Aangeleenthede), wat ook die skraping van die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege-wet van 1926 meebring. Aldus is 'n einde gemaak aan 'n lang tydperk van vrugbare samewerking tussen die Universiteit en die Departement van Landbou-tegniese Dienste.

Die Voorsitter van die Universiteitsraad, dr. J. S. Gericke, het dr. Erasmus en sy voorgangers opreg bedank vir hulle gewaardeerde bydraes tot die werksaamhede van die Raad en vir die waardevolle rol wat hulle vervul het as 'n skakel tussen die Universiteit en die Departement.

OUD-MATIES TREK SAAM

Studente van 1945 tot 1958

op

25 en 26 September 1973

Losies in 'n koshuis

4 700 briewe met gegewens reeds uitgestuur.

Skakel dadelik indien u oorgeslaan is:

Mnr. Andries Esterhuyse (Foon 3640)

Departement van Ontwikkeling

Universiteit

STELLENBOSCH

Ons Eer Hul Nagedagtenis

P. K. Albertyn (Dr. Pierre Kuypers) is op 27 Mei 1897 op Kleinmond gebore en op 7/3/73 in Kaapstad oorlede. In lewe was hy die oudste Springbokkaptein. As sewentienjarige seun van die Stellenbosse hoërskool is hy reeds deur wyle mnr. Markotter gebruik om vir die Stellenbosse eerstespan teen die gedugte Somerset-Wes te speel. As vleuel het hy daardie dag twee drieë gedruk en dus die legendariese Gerhard Morkel geklop!

Ds. Ben-Piet van Zyl, predikant van Reitz en oud-Springbok (1960/61), is op 10 Maart 1973 skielik oorlede onderwyl hy besig was om fluitjie te blaas in 'n rugbywedstryd tussen Reitz en Heilbron.

Ds. R. G. Andrag (43 jr.), Organiserende Sendingsekreteraris van die N.G. Kerk, Kaapland, is op 8 Maart skielik in 'n apteek te Stellenbosch waar hy gewoon het, oorlede. Hy was 'n oud-voorsitter van die Studenteraad. Hy laat sy eggenote en 'n dogter agter.

Dr. Daniël Hendrik de Kock (36), algemeen as Hennie bekend, is op 6 Junie onverwags aan 'n hartaanval oorlede. Hy laat sy eggenote en drie kinders na.

Dr. De Kock het sy M.Sc.-graad met lof te Pretoria behaal, is in Julie 1959 as lektor in Biochemie aan U.S. aangestel en het sy D.Sc.-graad hier in 1965 verwerf. Daarna is hy bevorder tot senior lektor. In lewe was hy 'n knap navorser en 'n diaken van die Studentekerk.

Mnr. Christie Slabber (55), van die Paarl het op 7 Junie op die tennisbaan beswyk. Hy was goed bekend as oud-W.P., Boland- en Matierugbyspeler. Voorts het hy in verskeie bestuurs-, kerklike en opvoedkundige liggame van die Paarl gedien.

Mnr. N. G. en mev. M. C. de Kock, in lewe van Surrey-laan, Ferndale, Randburg, het op 18 Desember verlede jaar saam met hulle twee kinders Enrico (7) en

Jeanine (2) die lewe gelaat in 'n botsing met 'n trein naby Kimberley. Albei ouers was oud-Maties.

Dr. M. H. (Tommie) Steyn, die bekende N.G. sendingokter te Morgenster, Rhodesië, is in Mei in die ouderdom van 76 jaar te Fort Victoria oorlede en is op Morgenster begrawe. Die U.S. het in 1964 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. Hy word deur elf kinders en 29 kleinkinders oorleef.

Maggie Laubser, alombekende Afrikaanse skilderes, is op 17 Mei aan die Strand in haar huis met die insiggewende naam, Altyddig, oorlede. Sy is in 1886 gebore op die plaas Bloublommietjieskloof, Malmesbury – geen wonder dat sy in haar blik en beelding haar land en mense met idilliese liefde gesien het nie.

Mej. Laubser het die Universiteit van Stellenbosch as haar erfgenaam aangewys. Reeds op 21 Mei 1970 het die Universiteit tydens 'n huldigingsprogram waar sy teenwoordig was, die modelkamer van die Departement Beeldende kunste na haar vernoem.


Mnr. W. Ferdie Bergh is op 28 Mei in die ouderdom van 66 jaar in die Hospitaal Tygerberg oorlede. Hy is op 2 November 1906 gebore en was van 1923 tot

1927 op Stellenbosch waar hy 'n graad in bosbou verwerf het. Sy springbokkleure het hy in 1931 verwerf op 25-jarige ouderdom. As rugbyspringbok het hy sewe toetsdrieë gedruk, hoewel hy 'n voorspeler was – 'n rekord vir 'n slot.

Dr. Laurie S. McFarlane, gebore 15 April 1907, is op 2 Mei 1973 skielik oorlede terwyl hy nog besig was met 'n lesing in opvoedkunde aan die Universiteit van Fort Hare. Dr. McFarlane was o.m. verskeie jare skoolhoof van die Paarlse Gimnasium. As student van U.S. het hy in 1927 die B.Sc. Landbou, 1928 die H.S.O.D., en in 1936 die D.Ed. behaal.

Mnr. Koos Smit (Jacobus Hendrik), in lewe hoof van die Hoërskole Montagu en Olifantshoek, is op 14 Mei skielik aan 'n hartaanval oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en drie kinders.


Mnr. Willie R. Meissner (39), bekende in S.A. motor-kringe, is op 4 Junie op slag gedood toe hy teen 'n vragmotor gebots het. Hy het daarin uitgemunt om renmotors se masjiene te verbeter en saam met 'n ingenieursvriend het die Dart, die eerste S.A. vervaardigde sportmotor, die lig gesien.



Sig-Sag Naaimasjiene

**Doen gewone werk, knoopsgate,
knope, omkap, borduurwerk,
name skryf ens.
Ongelooflik maklik en netjies**

21 cm.-skêr vir alle gebruike



R4,70 (Posvry)

- * 'n FRICK-skêr word van spesiale geweerstaal vervaardig.
- * Eienaar se naam gratis gegraveer.
- * Gewaarborg

FRICK Voortrekkerweg 35, PAROW, K.P.

Tel. 98-6489

Naam

Adres

Ek sluit R..... in.

Moet gegraveer word

KNIP UIT EN POS NOG VANDAG →

Grade- en Diplomaplegtighede 9 Maart 1973

Altesame 459 grade en diplomas is op 9 Maart in die Stellenbosse stadsaal op die aanvullende grade- en diplomaplegtigheid deur Sy Edele dr. B. J. Vorster, Kanselier van die Universiteit, toegeken. Hiervan is 74 diplomas, 368 grade en sestion doktorate. 'n Eredoktorsgraad, D.Comm., is by dieselfde geleentheid verleen aan dr. Eghbal, gewese eerste minister van Iran.

DR. MANOUTCHER EGHBAL, D.COMM. (H.C.)

Dr. Eghbal, is op 13 Oktober 1909 in Khorassan, Noord-Iran, gebore. Hy het van 1926 aan die universiteite van Montpellier en Parys in die natuurwetenskappe en die geneeskunde gestudeer. In 1933 het hy die graad doktor in die geneeskunde behaal met 'n proefskrif oor die „Precocious Azotemic Nephritis in Scarlet Fever”.

Na voltooiing van sy studies het hy na Iran teruggekeer en sy vaderland op uitmuntende wyse in 'n verskeidenheid van betrekkings en hoedanighede gedien.

Enkele hoogtepunte in sy loopbaan is die volgende aanstellings:

Professor van Aansteeklike Siektes aan die Universiteit van Teheran, Onder-sekretaris van Gesondheid,

Agtereenvolgens Minister van Gesondheid, Posterye, Opvoeding, Paaie en Kommunikasie en Binne-landse Sake,

Kanselier en ook Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, Universiteit van Teheran,


Eerste Minister van Iran.

Van 1963 af is hy Voorsitter van die Direksie en Algemene Besturende Direkteur van die Iraanse Nasionale Oliemaatskappy.

Sy groot bydrae tot die wetenskap is deur verskeie universiteite erken met eregrade. Verder het hy toekennings, medaljes en dekorasies van 28 lande ontvang.

Net soos Suid-Afrika, glo Iran dat vriendskaplike verkeer tussen nasies, ondanks onderlinge verskille wat mag bestaan, wêreldvrede beter dien as boikotte. Hierdie gemeenskaplike opvatting het daartoe gelei dat Iran, op die V.S.A. na, die grootste olieproducerende land ter wêreld, in die laaste paar jaar hegte

Dr. M. Eghbal buig na die geboor nadat dr. B. J. Vorster aan hom die eregraad D.Comm. (h.c.) (Stell.) toegeken het.





bande met Suid-Afrika, die land met die grootste olie-verbruik in Afrika, gesmee het.

Nadat die Iraanse Nasionale Oliemaatskappy, met dr. Eghbal aan die hoof, 'n belang verkry het in NATREF, Suid-Afrika se jongste olieraffinadery, is diplomatieke betrekkings tussen Suid-Afrika en Iran aangeknop. Handelsendings van die twee lande besoek mekaar oor en weer, Suid-Afrika voer op groot skaal olie regstreeks van Iran in, en ons Staatspresident het Iran verlede jaar as gas van die Sjah besoek. Die regering van Iran het die sterfhuis van hul vorige Sjah in Johannesburg aangekoop en as museum ingerig.

In al bogenoemde ontwikkelings het dr. Eghbal altyd 'n prominente rol gespeel.

Nuwe Doktore

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Die Graad D.Litt.

PLÜDDEMANN, Ulrich Richard Reinold

Proefskrifonderwerp: „Romane von Siegfried Lenz: 1951-1960”

Promotor: Prof. G. P. J. Trümpelmann.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Die Graad D.Sc.

OTTO, Jacob Daniël Theunis

Proefskrifonderwerp: „The Geology and Petrology of the Marble Delta.”

Promotor: Prof. W. J. Verwoerd.

NUWE DOKTORE

Voor (l.n.r.): Dr. C. R. Venter, dr. A. J. Bester, mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansiële), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier), dr. M. Eghbal, dr. B. J. Vorster (Kanselier), prof. J. N. de Villiers (Rektor), mnr. R. P. Conradie (Registrateur Akademies), dr. J. M. G. Prins en dr. J. K. Bosch.

Agter (l.n.r.): Drr. G. G. Newman, F. de V. Hugo, J. L. Steyn, T. K. Pahl, P. C. Potgieter, J. J. Joubert, P. C. van Rooyen, J. F. Botha en T. L. Martin.

Die Graad Ph.D.

CONRADIE, David Pieter

Proefskrifonderwerp: „Bedingingsituasies in groepe”

Promotor: Prof. J. M. du Toit.

MARTIN, Thomas Linsent

Proefskrifonderwerp: „A study of some aspects of the formation and performance of Atomic Vapour in a Graphite reservoir for atomic fluorescence spectrometry.”

Promotor: Prof. P. B. Zeeman.

NEWMAN, Garth George

Proefskrifonderwerp: „Assessment and management of some marine stocks in Southern Africa.”

Promotor: Prof. C. A. du Toit.

STEYN, Johannes Lodewikus

Proefskrifonderwerp: „Emission of the 6300 and 5577 Å airglow lines of atomic oxygen in equatorial regions.”

Promotor: Prof. P. B. Zeeman.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Die Graad D.Ed.

VENTER, Christoffel Rudolph

Proefskrifonderwerp: „Ontwikkelingsrigtings in die Onderwys van Kaapland, hoofsaaklik met betrekking tot Sekondêre Onderwys, 1930-1958.”

Promotor: Prof. P. S. du Toit.

FAKULTEIT VAN LANDBOU

Die Graad Ph.D. in Landbou

JOUBERT, Johannes Jacobus

Proefskrifonderwerp: „The purification and Bio-physical Properties of the Tomato Spotted Wilt Virus.”

Promotor: Dr. M. B. von Wechmar.

VAN ROOYEN, Pieter Cornelis

Proefskrifonderwerp: „The Evaluation of Soil Solution Hazard Criteria – A Statistical Approach to Changes of Selected Soil Physical Properties under the Influence of Saline Irrigation Waters.”

Promotor: Prof. H. W. Weber.

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Die Graad LL.D.

PAHL, Tyll Karl

Proefskrifonderwerp: „Die Aanwending van Vorderingsregte ter Versekering van Skulde.”

Promotor: Prof. J. C. de Wet.

FAKULTEIT VAN TEOLOGIE

Die Graad D.Th.

BOTHA, Johan Floris

Proefskrifonderwerp: „Die Problematiek Rondom die Leer van die Verwerping van Ewigheid in die Dordtse leerreëls.”

Promotor: Prof. F. J. M. Potgieter.

POTGIETER, Pieter Cornelius

Proefskrifonderwerp: „Die Analogia Entis in Historiese en Kritiese Perspektief”.

Promotor: Prof. F. J. M. Potgieter.

PRINS, Jurianus Marthinus Geukus

Proefskrifonderwerp: „Die Heidelbergse Kategismus as Kategetiese Leerstof.”

Promotor: Prof. D. W. de Villiers.

FAKULTEIT VAN HANDEL EN ADMINISTRASIE

Die Graad D. (B. en A.)

BOSCH, Johan Karel

Proefskrifonderwerp: „’n Bestuursbenadering met betrekking tot die Eksterne Groei van die Onderneming – ’n Studie van die Kombinasiebeweging.”

Promotor: Prof. J. van der Meulen.

FAKULTEIT VAN INGENIEURSWESE

Die Graad Ph.D. (Ing.)

HUGO, Francois de Villiers

Proefskrifonderwerp: „Restrained Columns in Single Storey Buildings.”

Promotor: Dr. A. R. Kemp

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

Die Graad Ph.D. in Geneeskundige Wetenskappe

BESTER, Andries Jacobus

Proefskrifonderwerp: „Defective Muscle Protein Biosynthesis in the Hereditary Cardiomyopathy of the Hamster *Mesocricetus Auratus Auratus*.”

Promotor: Prof. W. Gevers.

EREDOKTORSGRAAD

Die Graad D.Comm. (Honoris Causa)

EGHBAL, Manoutchebr

MATIELAND SE TWEDE NETBALSFRINGBOK

Mej. Anne-Marie Uys (21) is die tweede Matie wat as netbalspringboka aangenys is. Sy kom van Rawsonville, woon op Stellenbosch in Lydia en is ’n derdejaar H.P.O.D.-student.



Aanstellings en Bevorderings

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het die volgende aanstellings en bevorderings met ingang 1 April 1973 goedgekeur:

Aanstellings

Dr. J. J. Joubert as senior lektor in Mikrobiologie in die Fakulteit van Landbou.

Mev. Joan du Toit as studentevoorligster by die Buro van Studentevoorligting.

Bevorderings

Mnr. P. H. Crous tot lektor in Toegepaste Wiskunde.

Mnr. L. C. de Jager tot lektor in Bedryfsielkunde.

Mnr. T. W. B. van der Westhuijsen tot lektor in Sielkunde.

Prof. H. S. Breytenbach wat van 1 April 1973 as hoogleraar in Mondchirurgie aan U.S. aangestel is, het in 1966 die M.Ch.D.-graad (Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie) te Pretoria behaal. Tans werk hy aan die graad D.Phil. (Odontologie) aan U.S. Hy het o.a. die pos van President van die Odontologiese Vereniging in 1971 en 1972 bekleed. Uit sy pen het reeds vyf publikasies verskyn en die Elida Gibbs-beurs vir 1973 is aan hom toegeken.

(Hierdie berig vervang die een in *Matieland* van April 1973, bl. 12.)

Prof. R. J. du Preez, voorheen werksaam as hoof van die brugafdeling by 'n raadgevende firma in Pretoria, is met ingang 1 Januarie 1973 aangestel as hoogleraar in siviele ingenieurswese aan U.S.

Hy het die graad B.Sc. (Ing.) (Siviel) in Maart 1964 met lof aan U.P. verwerf en daarna die graad M.Sc. in Ingenieurswese aan die Universiteit van Illinois (V.S.A.) met 'n A vir alle vakke behaal. In Mei 1972

het hy die graad Dr.-Ing. (met onderskeiding) te Stuttgart (Duitsland) behaal.

(Hierdie berig vervang die een in *Matieland* van April 1973, bl. 12.)

Mev. Joan du Toit is die eerste vroulike studentevoorligster aan enige S.A. universiteit. Sy het in 1970 die Hons. B.Sc.-graad in Wiskundige Statistiek en Sielkunde aan U.S. verwerf waarna sy met 'n beurs van die British Council aan die Universiteit van Stirling, Skotland, gestudeer het en die M.Sc.-graad in Wiskundige Psigologie verwerf het – die enigste persoon tans in die R.S.A. met hierdie kwalifikasie.

Sy is getroud met dr. Z. B. du Toit, dosent in Fisika aan U.S.



Sen. C.J. Langenhoven, D. Litt. (H.C.) (Stell.)

Eregraad D.Litt. aan Senator
C. J. Langenhoven – 24 Junie 1931

COMMENDATIO BY TOEKENNING
VAN EREGRAAD

Senator Langenhoven is gebore in 1873 op Hoeko (Ladismith), waar hy sy eerste onderrig ontvang het van 'n reeks Engelse goewernantes, o.a. die Tien Gebooe en die Geloofsbelydenis uit die hoof moes leer, toe hy nog geen twee uit die drie woorde Engels kon verstaan nie. Daarna het Meester Bloemkolk, 'n fynbeskaafde Hollander, op die toneel verskyn, met die gevolg dat Engels vervang is deur Nederlands.

Op sy 15de jaar is hy na die dorpskool op Ladismith en 'n paar jaar later na die hoërskool op Riversdal, waar hy in 1892 onder die bekende C. F. W. Rosenow gematrikuleer het. Hier was hy ook die stigter en leier van 'n skooldebatsvereniging, en verder redakteur van 'n weeklikse skoolblad – „in manuskripvorm aan die muur gehang” – vereniging en blad albei met Engels as medium.

Na matrikulasie is hy na die Victoria-Kollege op Stellenbosch, waar hy in 1895 die B.A.-graad behaal het. Na verkryging van die LL.B.-graad in 1900 is hy toegelaat as advokaat by die Hooggeregshof van die Kaapkolonie. Vervolgens het hy hom gewy aan die joernalistiek en was hy jarelank redakteur van *Het Zuid-Westen* op Oudtshoorn. Gedurende hierdie tyd het hy hom veral beywer in belang van debatsverenigings, wat gelei het tot die publikasie van sy eerste werk: „*Eenvoudige Stukkie en Brokkies* om in die huis te lees, en om in debatsverenigings te gebruik vir resitasies, voorlesinkies, voordraggies, opvoerinkies” (1911).

In dieselfde jaar tree Senator Langenhoven ook prominent voor die voetlig as kampvegter van Afrikaans. Met verwysing na sy aandeel in die taalstryd, soos nog onlangs deur homself in *Die Huisgenoot* geskets, wil ons hier alleen in herinnering bring dat sy

onvermoeide ywer en volharding eindelik tot resultaat gehad het die *eerste offisiële erkenning* van Afrikaans deur wetgewing in die sitting van die Kaapse Provinsiale Raad van 1915. In dieselfde jaar het hy ook voor die S.A. Akademie opgetree met een van die kragtigste en welsprekendste pleidooie wat ooit ten gunste van Afrikaans gelewer is, en sedert die tyd was hy steeds te vinde onder die voorste gelede in die stryd tot erkenning van die Afrikaanse volkstaal – 'n stryd wat ten slotte, grotendeels deur sy toedoen, gekulmineer het in die finale en volledige erkenning van staatsweë in die historiese gesamentlike sitting van Volksraad en Senaat op 8 Mei 1925.

Maar afgesien van sy verdienstes op die gebied van die joernalistiek, van die taalpropaganda en die politiek – het Senator Langenhoven reeds vir hom 'n blywende plek verower in ons jong Afrikaanse Letterkunde as digter, toneelskrywer, spreukskrywer en prosateur. En dis veral as sodanig – as *literator* – dat sy Alma Mater hom op hierdie gedenkwaardige dag van haar goue jubileum wil eer.

As *digter* neem hy 'n afsonderlike plek in deur sy kenmerkende didaktiek. Dis hom meer te doen om inhoud en strekking as om skoonheid van vorm, meer om die *wat* as om die *hoe*. Maar terselfdertyd weet hy ook steeds die juiste, kernagtige, pakkende vorm te vind tot uiting van sy algemeen menslike lewensfilosofie. En die geheim van sy aantreklike didaktiek lê juis in die afwesigheid van alle opsetlik vooropgestelde tendens. Hy verstaan die kuns om te preek sonder om te preek. By uitstek is hy die digter van Suid-Afrika soos hy hom laat ken het uit *Die Hoop van Suid-Afrika*, *Die Vrou van Suid-Afrika*, *Die Pad van Suid-Afrika* en *Die Stem van Suid-Afrika*. En met die regte toonsetting is die laaste ongetwyfeld voorbestem tot ons toekomstige nasionale volkslied.

As *spreukskrywer* neem Senator Langenhoven 'n enige plek in nie alleen in die Afrikaanse Letterkunde nie, maar ook in die hele Dietse Letterkunde. Daarvan lewer *Ons weg deur die Wêreld* bewys. Maar dis veral



Aan de Senaat

Wassereit Stollenboord

van Mrs. C. J. Leunghoven

Sept 28-29 1932

as *prosateur* dat hy 'n algemene bekendheid verwerf het soos geen ander Afrikaanse skrywer vandag besit nie. Gedurende die laaste 10 jaar het hy, van *Sonde met die Bure* af tot op *Die wandelende Geraamte*, minstens een boekdeel per jaar bygedra tot die bekende reeks *Almal se Boeke*. Gedurende dieselfde periode het hy teweens in sy weeklikse rubriek *Aan Stille Waters* in „Die Burger” tot sy duisende lesers gespreek, want Senator Langenhoven *skryf* nie, maar hy *praat*, ook waar hy die pen hanteer. Sodat met waarheid van hom gesê kan word dat hy sy *volk* leer lees het. En daarom tref dit besonder gelukkig dat Stellenbosch, wat daarna streef om inderdaad 'n *Volksuniversiteit* te wees, ook op hierdie dag in een van sy oud-studente 'n *Volkskrywer* kan eer deur aan hom die eregraad van Doctor Litterarum toe te ken.

Langenhoven – 'n Jong Mens onder Jongmense

W. E. G. LOUW

Ons vier vanjaar die honderdste jaar sedert die geboorte van Langenhoven. Wat beteken dit? Kort gestel: dat as Langenhoven nie so onverwags deur die dood in 1932 van ons weggeneem is nie, maar bly leef het tot vandag toe – soos daar wel honderdjariges onder ons is – hy nou 'n stokou man sou gewees het, swak van liggaamskragte, hardhorend, bysiende, maar ondenkbaarste van alles, moontlik ook geestelik min of meer afgetakel.

Nie dat die ouderdom altyd liggaamlike én geestelike aftakeling gelyktydig meebring nie. Dit word immers bewys deur die byna honderdjarige skryfster, M.E.R., wat nog in elke gesprek bociende geselskap is. Maar dié dinge gaan tog dikwels saam – die ouderdom en die aftakeling.

Maar 'n oud geworde en min of meer kindse man en Langenhoven is twee begrippe wat 'n mens nie met mekaar kan rym nie. Vir ons wat sy jonger tydgenote was, wat hom 'n enkele keer op 'n afstand gesien of miskien selfs in die openbaar hoor praat het,

bly hy – selfs al het ons nie die voorreg gehad om met hom persoonlik kennis te maak nie – soos 'n mens hom uit sy geskifte leer ken, by uitnemendheid die verpersoonliking van 'n jong, lewenskragtige man, 'n jong mens onder jongmense.

Nou is dit wel só dat as 'n mens op ons geskiedenis terugkyk, dan lyk die verlede – en selfs die betreklik onlangse verlede – iets avontuurliker as wat die hede is. Dan kry 'n mens die indruk dat die uitdagings van honderd of selfs net vyftig jaar gelede groter geleenthede vir eie inisiatief deurbyt, ja, as dit nodig was, deurveg, gebied het as die van vandag. Dit is natuurlik weer net in 'n baie betreklike sin waar, want die uitdagings van ons eie tyd is inderdaad só groot dat 'n mens alleen kan hoop dat die jongmense van vandag vir hulle opgewasse sal wees.

Maar, aan die ander kant, is die geleentheid vandag om iets vir die eerste keer – die allereerste keer – te doen, seldsamer as toe Langenhoven bv. in 1914 in die Kaapse Provinsiale Raad kon opstaan met die mosie dat Afrikaanse ook skooltaal sal word; toe hy, nog dieselfde jaar, sy pleidooi „Afrikaans as Voertaal”, voor die S.A. Akademie in Bloemfontein kon hou; en slegs elf jaar later, in 1925, by 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat eenparig Afrikaans as die gelyke van Nederlands en Engels in die Grondwet van Suid-Afrika erken kon kry.

Ons geslag is miskien ander take toegedeel, maar wat 'n voorreg moes dit nie gewees het nie om sulkes soos dié uit te voer of te help uitvoer!

Lees 'n mens die woorde waarmee Langenhoven hierdie mosies ingeklee het of die vurige verdediging van die reg van die moedertaal oral en op elke gebied van die lewe in ons land, soos hy dit in Bloemfontein bepleit het, dan kom jy tot die gevolgtrekking dat hy hom 'n geroepene gevoel het. En lees 'n mens sy *Twee stukkie's rekenenskap*, soos hy dié opgeteken het in sy eie lewensbeskrywing *U Dienswillige Dienaar*, dan kom jy spoedig agter waar en hoe hy hierdie roepingsbewussyn gekry het.

Dit was kort en klaar 'n taalsak. Vir 'n fyngevoelige, maar terselfdertyd hoogs vernuftige kind soos Langenhoven moes gewees het, was Engels te hoog en Nederlands te ver. Tussen dié twee het hy jare lank verdwaal; en 'n man wat sêf nog verdwaal is, kan nie aan ander leiding gee nie.

Dit moes nog die toestand van sy gees gewees het toe hy na die universiteit – destyds nog die Victoria College – op Stellenbosch gekom het. Hy getuig soos volg daarvan:

„Watter ander beroep ek sou kies, wis ek nie en ek het my ook nie daarvoor moeg gemaak nie. My Pappie

DOKTOR LANGENHOVEN

Op 24 Junie 1931 is die graad D.Litt. (h.c.) deur sy alma Mater aan Langenhoven toegeken. Na sy dood het mev. Langenhoven die oorspronklike portret met haar byskrif aan die Universiteit geskenk. Opmerklik is die ooreenkomst in die handtekening van die Langenhoven-egpaar.

was ryk, daar sou wel op een of ander manier uitkomst wees. Ek het mos gesê die bewuste besieling tot pligsbesef het ontbreek; die lewe was vir my nie veel meer nie as 'n verspot speletjie, vandag blyspel, môre treurspel, sonder plan of betekenis, sodat dit die verstandigste was om maar altyd die pad met die minste opdraande te kies . . . Here, wat het ek nie verloor nie, en hoe maklik kon die skade nie verhinder ge-wees het nie!"

(Terloops en tussen hakies: hoeveel jongmense in ons taamlik verwarde en sg. „absurde" tye sou nie vandag nog min of meer dieselfde woorde kan sê nie? Is hier waarlik sprake van 'n onoorbrugbare generasie-gaping?)

Sy relaas van sy tyd op Stellenbosch kan 'n mens vandag, selfs na soveel jare, lekker laat lag. Daar is vir eers sy ervaringe op akademiese gebied – met Engels ('n moderne taal), Latyn, Grieks (die „ellendige" Grieks, soos hy dit later noem, maar wat hy darem, op sy manier, behoorlik leer lees het), Logika en Sielkunde. En hoeveel van ons besef vandag dat hy in later lewe nog vlot Latyn kon skryf? Ja, meer as vlot, geestig, gekskerend, soos in sy bekende „Aanvullings Agterste Voorwoord" of te wel Aanhangsel aan die einde van *Ons weg deur die wêreld*? Maar dis veral in die pret wat hy met ou prof. Jannasch se kadetorkes beleef het, dat 'n mens die ondeunde Sagmoedige Neelsie van later om die hoek sien loer.

„Toe ek daar kom, gee hy my die ontsaglikste blaasding wat hulle in daardie of in enige ander orkes ooit gehad het – met geringe veranderinkies kon jy daar 'n nommer-een-grootte se brandewynsketel uit maak en 'n hoeveelheid koper oorhou . . ." En wat daarop volg!

Maar dit is duidelik dat hy op Stellenbosch nog nie uitkoms uit sy moeilikheid met die tale van Suid-Afrika kon kry nie, en van dié uitkoms sou sy eintlike loopbaan as skrywer afhanklik wees.

Hy getuig openlik van sy „dommigheid" nl. dat hy vir „Afrikaans, as die skryftaal van Suid-Afrika, geen toekoms kon sien nie", maar ook van sy oortuiging – billik, glo 'n mens in nabetragting – dat as „Afrikaans ongeskrewe en onerkend gebly het . . . sou ek Engels bo Nederlands kies om een taal vir alle doeleindes te kan hê".

Ek glo vas dat elke mens wat bestem is om iets in die lewe te doen wat die moeite werd is, op 'n dag voor 'n kritieke besluit te staan kom. Van die insigte wat hy dán het, van die besonderse omstandighede wat dán heers, maar veral van die besluit wat hy dáár-die dag neem, hang die res van sy lewe af. Bowenal ook: of hy vorentoe sal gaan, of langsaamerhand tot

stilstand sal kom, versink, versand, soos 'n swak stroom water soms in die droë sand van 'n rivierloop kan wegraak.

Vir Langenhoven het dié kritieke besluit met twee omstandighede saamgehang: die eerste was 'n artikel wat hy in die tyd toe die Unie-beweging aan die gang was in *The State* geskryf het en, samehangend daarmee, die reaksie van sy eie mense op sy verdediging van Engels as die amptelike taal van die te worde nuwe staat; en die tweede die geleentheid wat hom kort daarna gegee is om 'n eie koerant te kry waarin hy homself ten volle kon uitleef.

Wat die eerste betref, sê hy duidelik: „Dit het die mokerhoue van my partygenote en kant-genote gekos om my warm te maak. En die geveg wat gevolg het, het self gesorg dat die warmte nooit weer afgekoel het nie. Had die Engelse minder gejuig en die Dieters minder gevloek oor my stuk in „The State", dan heel moontlik was Langenhoven vandag nog in die gereghof besig met ander mense se privaat rusies en in sy kantoor met die besteding van sy kunstelose skryftalent aan die opstel van Engelse en Hooghollandse testamente en kontrakte". Kan, vra 'n mens jou af, iemand dit duideliker stel?

Die tweede saak, nl. die kans wat hom as redakteur van *Het Zuid-Westen* gebied is, om sy pas verworwe insig, dat nóg „Nederlands-Hollands", nóg Engels, maar Afrikaans die taal van sy hart is, nie slegs teoreties te stel nie, maar in die praktyk en elke dag uit te leef, is, glo ek nog die belangrikste. Dit was die dag toe die toekomstige Langenhoven as volkskrywer sy rigting gekry het. Luister wat skryf hy self hieroor:

„En van toe af het die land gedreun – want die nuut-herbore „Zuid-Westen" was spoedig wyd en syd bekend as 'n blad met 'n lewende persoonlike siel daarin – van toe af het die land weergalm van Afrikaans-propaganda-krete soos nooit tevore gehoor was nie. Die nuwe redakteur wis waar hy wou heen, hy had die logiese aanvalpunt raakgesien en daarop het hy gekonsentreer met 'n vuurspuwende geesdrif, somtyds met 'n woeste geweld van onbeteuelde taal, wat vir geen gesag of tradisie of rang of stand terug-gedeins het nie. Moenie glo dat ek destyds die sagte, nederige, bedaarde skrywer was, sleg van gociïgheid, wat ek in later jare geword het en tot vandag toe gebly het nie. Terwyl die teëparty dan nie na redelike argumente wou luister nie het ek hulle, of dit predikante was of professore of politieke leiers of wie ook met blokke gegooi en met pikstele geslaan en dina miet-bomme onder hulle ontplof . . ."

„Sleg van gociïgheid"? Nee, ondanks die fiksie van



die refrein 'n „roepstem” wat 'n „offer”, „vra” en as antwoord van „ons” 'n eed kry om te „lewe” en te „sterwe” vir Suid-Afrika. (Dit is nog nie die noodkreet van 'n volk, soos G. Kalff die „Wilhelmus” noem nie.) Die strofe het 'n vaste maatslag met sterk aksente en vaste ruspunkte, die reëls het 'n agt-sewe lettergreepindeling en enkele alliterasies: „yêr yêrlate ylaktes”. Dit is geskik vir groep-voordrag of sang; is kragtig, maar tog met 'n gevaar van die meganiese en eentonige. 'n Spanning word gewek by die beklemtoning van „ons” en „Suid-Afrika”: wie is die „ons” aan wie al die dinge behoort? Die koeplette, met uitsondering van die laaste, het 'n halfrefrein waarin die a-klank weerklink om te rym met „Suid-Afrika”. Dit herinner mens aan die gewyde volksliedere (vgl. Engels: „national anthems”) waarin die woord „Halleluja” telkens herhaal word. Die himniese word ook versterk deur die vaste ruspunkte en die paarrym wat die lang versreëls sterk afkap en 'n statige gang gee.

In die tweede kwatryn is daar nou, in teenstelling met die beskrywing van die „geliefde” se uiterlike, 'n opnoem van die „ons” se innerlike; telkens word die voorsetsel „in” herhaal. Weer word van teenstellingsgebruik gemaak: gebeente, gees; verlede (toekoms); werk, wandel, wieg, graf. Dit is 'n liefdesbelydenis, 'n

FOTO: *Ons sal antwoord*

'n Treffende reliëfbeeld in marmer wat in die vroeë jare veertig deur 'n onbekende Italiaanse kunstenaar in opdrag van wyle mnr. Jacob J. Smit, boesemvriend van wyle senator C. J. Langenhoven, gemaak is. Oom Jacob (Ps. 119 het Langenhoven altyd dié reus genoem) het die kunswerk aan die Universiteit van Stellenbosch toegesê en in Februarie 1960 – die skenker is kort tevore oorlede – is dit deur bemiddeling van prof. Bun Booyens, destyds skoolhoof of Oudtshoorn, persoonlik deur prof. H. B. Thom, die toenmalige Rektor, aan huis van mev. Smit gaan afhaal en na Stellenbosch vir veilige bewaring gebring. Dit word beoog om die marmerwerk in 'n muur van die Langenhoven Studentesentrum in te bou.

Die kunswerk word tydens die Langenhovenfees van die Universiteit in Augustus in die uitstalling wat deur die Carnegie-biblioteek gereël word, ten toon gestel.

(Kan iemand dalk en asseblief die naam van die beeldhouer verstrek? Waarskynlik 'n Italiaanse krygsvangene wat by die grafsteenmakers op Oudtshoorn gewerk het. – Redakteur.)



Oom Jacob Smit in Arbeidsgenot by die stoel waarop Langenhoven gesit het, toe hy Die Stem van S.A. gedig het. Let op die drievoud van stoel, koppie en piering, en die pakkie Flag-sigarette. Die foto dateer uit ongeveer 1940. Kan iemand 'n nader datum verskaf!

belydenis van trou. Die „ons” word nader omskryf „as Afrikaners – kinders van Suid-Afrika”. Jy vra jou af: het Suid-Afrika nie ook ander kinders nie? Is hulle ook Afrikaners? Dieselfde maatslag, veral met die toenemende alliterasies: „wil en werk en wandel, van ons wieg”, versterk die meganiese en die geysde „van ons wieg tot aan ons graf”. Dié strofe is minder beeldend as die eerste.

Die derde kwatryn handel oor die seisoene, letterlik en figuurlik. Die alliterasies word opgestapel: „songloed van ons somer”, „lente van ons liefde, in die lanfer”, „klink van huw’liksklokkies, by die kluitklap op die kis . . . kinders”. Die patroon en maatslag is dieselfde; die toenemende teenstellings, klanknabootsings en parallelismes is sterk herhalingselemente wat klinkender en beeldryker as in die vorige strofe voorkom sodat dit wel ’n progressie bring, maar nou terugwerkend daardie strofe ondermyn en oorbodig maak. Die koeplet met sy halfrefrein bevestig die ge-

trouheid in nood en daar is reeds sprake van handel: „ons kom”.

Die slotstrofe en -koeplet bring deur die gebed die himniese nou regstreeks, en daarmee die derde element in die situasie: „die Here”. In die drie-eenheid van „ons”, „Here” en „Suid-Afrika” het laasgenoemde verdwyn tot „die erwe van ons vaad’re” en „vir ons kinders erwe bly”: die verpersoonlikingsbeeld van Suid-Afrika word verbreek sodat hierdie strofe wat bou en siening betref, nie so volkome geïntegreer is soos en met die voriges nie. Benewens die paarrym het ons nou ook binnerym wat die slotkoeplet bind. Die geysde uitdrukking klink nog deur in „vadere gebou” en „handhaaf en te bou”. Die treffende aforisme: „Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry”, bring ons by die eintlike Langenhoven.

Sy beste werk is sy prosa: die geestige, die „absurde”, die satiriese en die spreukmatige. Tog het hy ’n paar uitsonderlike verse geskryf, soos „Liefdesonsin”, fragmente oor die hond, die mot, ’n kind en dan „Die Stem van Suid-Afrika”. Telkens is daar ’n spreker aan die woord, en in die onderhawige geval ’n *koor* wat elementêre letterkundige middele, soos teenstellings, alliterasies, parallelismes, die meganiese slag, eenselwige ruspunkte en sterk aksente, mildelik gebruik in ’n statige eedaflegging en gebed van die Afrikaanse volk.

Langenhoven: Siener, Rebel, Skepper

H. J. TRUTER

„Julle het nog nie in die Universiteit van Stellenbosch ’n profetiese fakulteit nie.”

So praat Langenhoven op 12 Mei 1919 voor ’n Stellenbosse studentegehoor! En hy vervolg: „En die maklikste bedryf in die wêreld is dié van die waarsegger wat jou toekomstige fortuin voorspel en jou geld vat en trap en weg is, wanneer die toets van sy voorspelling kom. Dus is ek vanaand veilig: ek kon maar gerus geld by die deur laat neem het.”

En veilig tot vandag toe is Langenhoven omdat met die klein munt wat ons in sy bordjie geplaas het, Stellenbosch en die ganse Suid-Afrika in groot munt terugbetaal is; ’n erfdeel wat lewe en rykdom gee aan ’n ketting van geslagte – die verre toekoms in.

’n Volk vra altyd, in elke eeu, veral in die uur van verwarring, die uur sonder horison, om die magiese gawes van die siener, die toonloosheid van die rebel,

moëns van die stiefkind Afrikaans tot die uiterste beproef totdat hy bloedbroer geword het, totdat hy al die nuanses van die menslike gees vry kon uitsê in humor, satire, tragiek, in die digtheid van aforisme en essay; ook in sang en vers.

In sy „Aan Stille Waters”, die dagboek van sy siel, het hy ten spyte van die onmenslike eise wat aan hom gestel is, voortgegaan om „sowel vir die veevagter as die universiteitsprofessor” voorsiening te maak. En terselfdertyd die karakter van die Afrikaner so te „verfilm” dat hy gedwing is om kennis te neem van homself: sy positiewe karaktereenskappe en sy erfsondes: rebellie, vryheidsdrang, minderwaardigheidskompleks (die Wénderbaail – kultus!), politiekery en aweregse verheerliking van geleerdheid (doktorbetiteldes, skêr- en gompotliterateurs en onvrugbare boekeproduseerders!).

Niemand sal wil ontken dat sy werk nie altyd suiwer skoonheid of kuns was nie. Daarvoor was die opdrag wat hy aan homself gestel het buite die maat van ’n enkeling se vermoëns. Maar hoewel sy individualistiese temperament wars was van goedbedoelde kritiek, was hy ook steeds te groot vir haat en venyn.

Daarom sal sy belydeniskuns: *Aan Stille Waters*, *U Dienswillige Dienaar* en in besonder sy onvergelykbare *Skaduwees van Nasaret* steeds simbool bly van die siener, die rebel en die kunstenaar wat wanneer die onrus te hewig word in die eenvoudige aangrypende taal van ’n gelowige kind, homself, ons almal, deelgenote maak van die tydelose en ewige.

„Die koninkryk van die hemele! Dit is die sleutel van sy hele filosofiese stelsel. ’n Godsryk op aarde, maar nie ’n priesterbewind nie, ook nie ’n stelsel van vorms en verbodte en bloot uiterlike gedrag nie. Geen dwang van slawerny nie, maar ’n vrye burgerskap van eie toewyding van hart en siel. Van daardie koninkryk is die burgerreg ope aan elkeen; aan daardie adelstand van God kan die laagste behoort; geen voorwaarde word opgelê nie behalwe alleen die vrye offer van die hart. Nie ’n koninkryk om daar buite te soek nie, maar die onsigbare koninkryk van die onsigbare wêreld, die ongesiene hemel op aarde, die heerskappy van God in die harte van die mense; die diens van God in die diens van jou ewemens.”

Vir Stellenbosch, sy Alma Mater, sy „enigste kraal”, is dit ’n uitsonderlike voorreg, ’n eerlike behoefte van die hart om vir een van sy grootste alumni in 1973 weer ’n ereboog te span.

En soos op 24 Junie 1931 hoor ons weer sy nederige dankbetuiging:

„Dankie, Stellenbosch. Nie vir die bevrediging

van eersug nie – hoewel die nederigste dienaar genoeg goedkeuring sien in die oog van sy heer – maar vir iets groters – ’n Mens weet nooit waarheen oral ’n liefdedaad reik nie; nie te vergeefs, wat hom betref, het julle die min-waardige seun tot julle eie rang verhef nie – Noblesse Oblige.”

Langenhoven-Gedenkaand – Stellenbosch 12 Augustus 1932

Op inisiatief van die Afrikaanse Kultuurvereniging is op sen. Langenhoven se verjaardag, ’n maand na sy dood, ’n gedenkaand in die C.J.V.-saal gehou. Die saal was weer eens stampvol studente. Uit Langenhoven se werke is voorgedra en van sy liedere gesing. Op versoek was daar geen applous nie, maar hier en daar is ’n gesmoorde snik gehoor.

By dié geleentheid het wyle prof. E. C. Pienaar onder meer gesê:

Langenhoven is dood! Dit is die verbluffende feit wat op 15 Julie jongslede met onverbiddelike finaliteit die hele Afrikaanssprekende wêreld soos ’n weerligstraal uit ’n onbewolkte hemel getref het.

Hy, die begenadigde onder die menigte, met sy veelsydige gawes van vernuf en verstand, gees en gemoed, erns en luim – gawes wat hy met ’n hartstogtelike toewyding diensbaar gemaak het aan die een groot lewensideaal: die opheffing van volk en taal en vaderland; hy, wat die glimlag van sy humor kon laat speel oor die kleinlike gewerskaf van „Doppers en Filistyne” van sy eie tyd, om dan weer diepsinnig te filosofeer in die verre „Skaduwees van Nasareth”; hy, die altyd vaardige woord- en penvoerder, die lieflikskrywer van sy volk, wat so kort gelede nog hier op dieselfde verhoog voor u gestaan het . . . swyg van-aand in die groot stilte van die dood.

Langenhoven is dood. En tog – paradoksale wonder – Langenhoven is nie dood nie; nee, hy leef!

Laat ons luister na een van sy „Honderd Prekies, nr. 41, *Die Skakels van ons Geskiedenis*”:

„As jy by jou ouers se graf staan,
dink aan jou wieg,
en as jy by jou kinders se wieg staan,
dink aan jou graf.”

„Die graf is die sinnebeeld van die verlede: die wieg is ’n sinnebeeld van die toekoms; en dewyl die verlede éénmaal die toekoms was, en die toekoms éénmaal die verlede sal word – dewyl die liggaam wat nou in die wieg is eenmaal in die graf sal lê – so staan ek en jy, wat die één verlaat het en die ander nog nie

behaal het nie, tussen die vergane agter ons en die verganklike voor ons."

'N JONG STELLENBOSTER

Indien u, ons leser, in Langenhoven se Versamelde Werke, deel XI, bladsy 21 kyk, sal u die limerick getitel *Die Veelbelowende Jongeling* sien. By vergelyking sal u opmerk dat die limerick in die 3e en 4e reëls verskil. Die brief gee die woorde as:

*Maar hy't sy studies ingekort
met nooiens en sport,*

terwyl dit tans verskyn as

*Maar hy't sy studie gestaak
vir ydele vermaak,*

Die werklike brief is aan mej. Lina Spies, lektrise in Afrikaans/Nederlands, getoon. Haar kommentaar is dat die oorspronklike reëls vandag nog die romantiese waarheid is.

Dames! Dames!

Prof. Bun Booyens van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde sê op sy kenmerkende onderbeklem-

tonende manier dat die brief so waardevol is dat die Universiteit dit so diep moet wegbêre dat, soos die Griekwa van 'n kwaaijong gesê het, as jy hom in die môre vroeg sy agtuurkos stuur, moet dit eers teen middag by hom aankom.

Mev. Magdalena Langenhoven

DR. ANNA DE VILLIERS

Die drietal van die gesin Langenhoven was so 'n hegte, incengcstrengelde eenheid, so stewig saamgesnoer deur liefdesbande dat dit moeilik is om enigeen van hulle as 'n afsonderlike individu voor te stel. Diegene wat so iets sou probeer, sou heel gou moes besluit dat jy geeneen van hulle volledig alleen kan skets sonder om die gesinsverband aan te tas nie.

Magdalena Maria Hugo is in 1863 op die plaas Skietkloof, Victoria-Wes, gebore en na haar aanvangsonderwys aldaar het sy per ossewa saam met twee niggies die lang reis afgelê na Springfield Convent, Wynberg, waar sy verder skool gegaan en musiek bestudeer het. Later het sy in die huwelik getree met mnr. Antonie van Velden, prokureur op Ladismith, K.P. Hulle het drie dogters gehad; maar hy is vroeg oorlede. Sy het in Ladismith bly woon en as kerkkorreliste in die N.G. Kerk opgetree. Hier op Ladismith het C. J. Langenhoven hom as klerk van 'n prokureur laat inskrywe en deur private studie die graad LL.B. in 1899 behaal. Middelerwyl het hy in die huwelik getree met die aanvallige weduwee Van Velden, maar oor hierdie tydvak in sy lewe is geen duidelikheid uit sy werke te haal nie. Dan vestig hy hom op Oudtshoorn as prokureur na 'n kort tydjie as advokaat in Kaapstad. Dit is dan ook op Oudtshoorn dat sy enigste kind Margaretha Rachel Engela die lewenslig gesien het. Hier is dit ook dat langsaamerhand by hom 'n innerlike metamorfose voltrek is sodat hy sy Engelse en Hollandse bydraes aan koerante laat vaar het, en tot die besef gekom het dat sy moedertaal geen van beide was nie, maar wel Afrikaans.

Hierdie groeiende besef dat hy 'n stryd vir Afrikaans moet aanvoer, kon nie anders as tot sy huisgesin deurgevoer word nie. Die aanminnige „Tant Lenie", soos sy soms in sy boeke genoem word, het aangesteek by die hartstogtelike ywer waarmee haar eggenoot alles aangepak het, en het op haar eie manier geweet om hom aan te moedig, nec, later te besiel in sy strewe om Afrikaans eindelik as amptelike landstaal erken te kry. Die ouer dogters; wat 'n Engelse opvoeding gehad het, is vroeg getroud en Engela,



KAAPSTAD,

26 Sept. 1925.

Die Welre Heer

Die Registrant
Universiteit
Stellenbosch

Gaagte mnr. Registrant,

Daar was eenmaal 'n jong Stellenboster,
Sy het hom laat leer vir 'n korter -
maar hy't sy studies ingekort
met nooiens en sport,

in 'n diploma gekry vir 'n dootere.

Hy stam leenby ingekort,
Tjek was Pers Bokke vir £25,
outeurs honorarium was volkies,
"Sande mal die Bure."

Hooggangend,

A. de Villiers,

C. J. Langenhoven

die laat lammetjie, het na die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch, gekom, waar ek met haar bevriend geraak het. In ons tyd was Engels die voertaal, maar ons het deur een of ander saamhorigheidsgevoel die ware egte Afrikaanse tradisie van ons huislike opvoeding bly handhaaf.

In 1918, die jaar van die Spaanse Griep, nooi ek Engela om by my op ons plaas Saxenburg, naby Kuilsrivier, te kom kuier. Sy sou die lang naweek in Oktober kom en eers enkele dae by haar vader in Kaapstad deurbring. Nooit sal ek vergeet wat toe gebeur het nie: my ouers gaan die dag croquet speel op Kuilsrivier, en my vader gaan die pos haal. Daar was toe 'n antwoord betaalde telegram van C. J. Langenhoven vragende of hy sy dogter reeds voor die naweek kon stuur vanweë die siektegevalle in die hotel waar hy tuis was. My vader antwoord dat sy die volgende oggend moes kom en dat hy haar self op ons stasie sou afhaal. So gesê, so gedaan, en die volgende dag kom Pa met die goudhaar-blou-oog meisie in sy beste kapkar terug. Die hele tyd dat die skole gesluit was, agt weke, het Engela eenkeer aan my geskryf, was sy soos 'n kind in ons huis. Toevallig, mag ek sê, het sy in daardie tyd 'n vriend van my broer, Dirkie Joubert, en sy maat Nico Brümmer van die De Villiers-Graaff Instituut, Villiersdorp, daar ontmoet. In later jare het laasgenoemde haar weer opgesoek en ná sy studie in Engeland is hulle getroud. Op ons plaas het sy egter meer aandag gegee aan 'n naamgenoot van my wat klavier gespeel het en ook 'n mooi tenoorstem gehad het; hulle het ook saam gesing.

Mev. Langenhoven het ek alleen deur Engela van veraf leer ken as die liefderike, sagsinnige moeder wat alles vir haar dogter veil het. Nogtans glo ek dat sy die persoon was aan wie ek gedink het toe ek aansoek doen om 'n pos as onderwyseres in Afrikaans en Latyn in die Hoër Meisieskool, Oudtshoorn, sewe jaar later. Ek het anderhalf jaar daar gebly, en van die begin af is ek in *Arbeidsgenot* verwelkom, op dieselfde wyse soos Engela indertyd in my ouerhuis. Sy het daardie tyd in Kaapstad gestudeer, en ek het haar weer in 1926 saam met Nico Brümmer ontmoet kort voor hul huwelik.

In die tussentyd het ek mev. Langenhoven byna elke week een keer gesien. Sy was die gemoedelike, gulle gasvrou wat geweet het dat ek die eerste keer van my ouerhuis weg was en dat ek die huislikheid wat sy so heelhartig kon aanbied broodnodig gehad het. Haar ruime gasvryheid, haar hartlikheid en moederlikheid was die eienskappe wat my diep aangetrokke tot haar laat voel het. Ek was altyd welkom in

Arbeidsgenot en dit het gou geblyk dat Sondag 'n goeie dag vir my besoeke was. So het ek dikwels, heel dikwels, Sondag teen vieruur oor die hangbrug gestap, dieselfde wat Neelsie dikwels in sy werke noem, en dan die steilte uit na die gasvrye woning wat *Arbeidsgenot* altyd vir my was. Die deur was altyd oop en ek het maar die gang ingestap. Links was senator Langenhoven se slaapkamer en die twee honde wat net so vriendelik soos die huismense was, het my dadelik tegemoet gedraf. Dan het die huisheer se stem gegroet van sy bed waarin hy omring van stapels boeke die tyd verwyd het. Ek het in die deur gaan staan en vertel hoe dit in die skool gaan, of ek hokkie gespeel het of tennis, en ander koetjies en kalfies. Later het ek vir hom sy koffie gebring.

Daarna kon mev. Langenhoven en ek die hele middag na hartelus gesels: eers oor hulle doenigheid in en om die huis met haar man as hooftema, dan die nuus oor Engela se doen en late, en oor kleresake waaroor my raad gevra is; dan die honde, die tuin, die bediendes en verder oor alles wat daar by hulle aan die gang was. Sy het opgegaan in haar huishouding en in dié opsig was sy 'n perfeksionis. Alles moes volmaak sinderlik en net wees en sy was baie gesteld daarop dat die interieur mooi en interessant moes wees. Die meubels was eerder ouderwets as nieumodies, dog eg en goedversorg.

Belangrikste, volgens Neelsie se geskrifte, was die heerlike dis wat hierdie gulle gasvrou kon optower. Haar ervaring in die kookkuns het sy nie as 'n buitengewone gawe beskou nie, maar haar tafel het die heerlikste geregte gehad, keurig opgedien en uitnemend in verskeidenheid sodat die maaltyd dikwels 'n gastronomiese avontuur geword het.

Belangrikste, volgens *Vroutjie* se mening, want hierdie naam druk haar persoonlikheid so presies uit dat 'n mens jou gedurig die vroulikheid tesame met die gemoedelikheid en die goedigheid van haar wese in jou omgang met haar bewus was – belangrikste in haar hele bestaan was haar man en sy werk. Sy het van dag tot dag geweet wat hy doen, waarmee hy besig was, wat hy skryf, en selfs wat hy wou skryf. Dit was die dinge waarin ek ook geïnteresseerd was, en waaroor ons twee dan saam gesels het. Hoe lekker het ons nie gelag oor die feit dat ek in my laerskooljare die rol van *Die Omslagtige Tant Lenie* op 'n skoolkonsert gespeel het sonder om te weet wie die skrywer was nie; eers in later jare het ek dit in *Ons Weg deur die Wêreld* gevind. Dan kom van mev. Langenhoven se kant die verhaal van die ontstaan van *Die Hoop van Suid-Afrika* waarin haar man in 1913 die rol van Vader Tyd gespeel het. Hy het dit vir 'n Dingaansdagviering binne



'n paar dae geskryf. In 1922 het hy vir 'n dergelike geleentheid ook dié rol gespeel in *Die Vrou van Suid-Afrika*, waarin Engela as *Die Hoop van Suid-Afrika* opgetree het. Ek sê toe „U moes toe maar Maria, die Vrou, gespeel het.” „Onmoontlik,” sê sy, want sy was verantwoordelik vir die kostuums, en vir raadgeving op allerlei punte, en sekerlik nie minder betrokke as die ander nie.

Sy het midde-in haar man se werk gestaan en elke woord wat hy geskryf het, het sy gelees en vrylik haar mening daaroor uitgespreek. Sekerlik het sy soms goedig gesinspeel op sy uitsprake waarvan sy verskil het, en altyd sy kwinkslae en humoristiese toespelings op mense en toestande geniet. Die ironie oor botsende elemente in die menslike houdings, die satire oor ongerymdhede in mensegedrag, die vlymskerp oordeel oor wanpraktyke in die gemeenskap was onderwerpe waaroor hierdie egpaar soms gesellig kon redekawl, maar ook ernstig oor kon verskil, egter nooit so erg dat dit die harmonie van hul huislike lewe kon versteur nie. Ek herinner my duidelik met hoeveel trots sy my die praguitgawe getoon het van *Omar Khayyam* met sy vertaling eichandig daarin geskrywe, en die goue vulpen wat hy gebruik het.

WANDELLENDE GEESTE

As deel van die feesvierings i.v.m. die Langenhovenjaar het die Stellenbosse studente as karnavalthema gehad: HERRIE OP DIE AKKER.

Die wennende vlot „Die Wandelende Geeste” is deur die studente in Geneeskunde ingeskryf. Dit is ’n reusagtige swart doodkis en wit geeste – maar wie kan vir sulke mooi „geeste” plug?

In die huishouding het VROUTJIE heerskappy gevoer, maar ook oor die groot tuin met die sonwyser waar sy werkplek onder ’n hoë sipres was. Verder was daar die werkkamer waarin hy graag ’n bietjie houtwerk gedoen het. Ook die huisdiere was haar verantwoordelikheid.

In 1927 was ek in Kaapstad verbonde aan die Afrikaanse Woordeboek onder redaksie van prof. J. J. Smith wat sterk bevriend was met senator Langenhoven. Mev. Langenhoven het hom altyd na Kaapstad vergesel, en so het daar vir ons ’n laaste tydjie van samesyn gekom. Sy het graag na die debatte in die Volksraad geluister, maar wou nie saans alleen daarheen gaan nie; dus het ek haar vergesel. Anders

as op Oudtshoorn, was sy hier die *grande dame* en ons het in die loge links van die Speaker gesit, sy met 'n pragtige volstruisboa, en ek met 'n wit verekraag. Saans om nege-uur het sen. Langenhoven ons vergesel na die restaurant en ná die gesellige koffietyd het ek saam met haar hotel toe gegaan. Dit was 'n heerlike tyd vir haar want, verlos van huislike sorge, kon sy ten volle meelewe en geniet van die opgang wat haar eggenoot in sy openbare lewe gemaak het.

Engela het die vorige jaar in die huwelik getree, en die mooiste portret wat ek van Vrontjie ken, is dié waarop sy naas haar man met 'n pragtige ruiker staan op Engela se huweliksdag, – so gelukkig asof hulle self die bruidspaar was. Dan val my sy woorde in *U Dienswillige Dienaar* binne: „Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak: die liefde wat ek gegee het en die liefde wat ek gekry het.” Hieraan het ek ook gedink toe ek onlangs op Stellenbosch insae mog hê in Langenhoven se laaste testament waarin my oortuiging van al die jare weer eens bevestig is: hy het sy hele nalatenskap aan *Vrontjie* bemaak; hy, die regsgeleerde noem haar in dié belangrike regsdokument nie by haar doopname nie; wetende dat sy bedoeling so suiwer en opreg is dat daar geen wettige twyfel oor die identiteit van sy enigste erfgename kon wees nie.

Sy het haar eggenoot nog agtien jaar oorlewe, en die koper getinte hare was syig wit toe sy op ses-en-tagtigjarige leeftyd oorlede is.

Die Woeste Nag

*Daar ver uit die agterverlede, waar duisternis dik en diep
Die spore van sterwe en lewe, oorwinning en neerlaag verberg –
Verberg vir ons, maar vir God bewaar, vir die
Ewige Hede van God –
Daar kom ons pad uit die donker uit, die pad van Suid-Afrika.*

C. J. Langenhoven

'N WYNSTOK DEUR GOD GEPLANT

Skriflesing: Psalm 80 en 1 Petr. 2 : 1-10.

Gedurende die afgelope een-en-twintig jaar is Van Riebeeck-dag in Suid-Afrika by wyse van 'n openbare vakansiedag gevier. Dit is gedoen in opvolging van die uitdruklike opdrag van ons land- en volkstigter wat, op 6 April 1654, in sy dagboek aanteken:

„Vandag is dit twee jaar dat ons deur Gods Heilige geleide met die skepe Drommedaris, Reyger en Goede Hoop hier aan die Kaap veilig aangeland het om hierdie vesting en kolonie op bevel van ons

here en Meesters op te rig en te vestig, en omdat die Heer onse God tot op die huidige dag al die sake met baie seëninge goed en na wens laat slaag en voltooi het, so het ons besluit, en ook vir die eerste maal begin, om hierdie dag, 6 April, tot Gods eer met danksegginge te vier en vir altyd tot vasgestelde dank- en biddag in te stel, sodat die weldade aan ons bewys deur die Here God deur ons nakomelinge nooit vergeet, maar altyd tot Gods eer ter gedagtenis onthou sal word.”

Van Riebeeck se bedoeling is duidelik: die stigtingsdatum moet herdenk word. Min moderne state kan 'n spesifieke datum vir volkstigting aantoon, maar ons volksplanter het veral 'n godsdienstige feesdag in gedagte gehad. Dank moes aan God gebring word vir sy genadige beskikkinge en veilige begeleiding. Aanvanklik is aan hierdie wens voldoen, maar deur verskillende politieke omstandighede het dit later in onbruik geraak. In 1952 is die 6de April egter tot 'n openbare vakansiedag verklaar.

Aan die begin van April 1973 het die Parlement besluit om o.a. weens die gebrek aan openbare belangstelling, die openbare vakansiedag af te skaf. Indien daar gebrek aan belangstelling was, is die Kerk self waarskynlik ook verantwoordelik vir dié toedrag van sake. In die afgelope tyd is daar in ons gemeentes en gemeenskappe nie veel gedoen om dié dank- en biddag in stand te hou nie. Niks verhinder die gemeente en die Kerk egter om die godsdienstige aksent van 6 April tot sy reg te laat kom nie. Trouens elke reggeaarde gelowige sal homself moreel gebonde ag om dié feesdag só te vier!

Dieselfde geloofsvertroue wat as so vanselfsprekend uit die aantekening van Van Riebeeck spreek, vind ons terug in die Skrif. In Psalm 80 kla Asaf oor die verlore verbondenheid met die God van sy vaders. En as hy 'n beeld soek waarmee die noue en egte verband met God aangetoon kan word, vind hy dit in die wingerdstok.

In opvolging van die verbond met Abraham, Isak en Jakob word die nageslagte van Josef en sy broers deur God uit die verdrukking van Egipte gelei en soos 'n jong wingerdplantjie in 'n nuwe bedding geplant. Die uittog en die oorlewing in die woestyn van Suid-Palestina was op sigself reeds 'n geweldige onderneming. Die volk moes letterlik leer om uit die hand van God gevoed en geles te word. Die inname van die beloofde land sou nog veeleisender wees. 'n Godsdienstige ontrou sou egter mettertyd tot die verval van Israel lei.

Hoe hulle vyande ook probeer het om ontslae te raak van die Joodse indringers was hulle nie daartoe

in staat nie. Intendeel, die plantjie van God het begin groei. Sy ranke het eers die valleie van Akko en Saron oorgroei, die kusvlakte ingeneem, uiteindelik die Jordaan-vallei oorgesteek en tot by die Eufraat gestrek. Die volk is in die beloofde land gevestig. Salomo het egter sy heidense vroue toegelaat om hulle godsdiens ook aan sy hof te beoefen (1 Kon. 11). Dit was die begin van die verwerping van die lewensverband met God. Die profete het tevergeefs gewaarsku dat afvalligheid 'n bittere prys sou kos.

Die wingerdstok se beskermingsmuur is afgebreek, sy takke afgeskeur en kaal gestroop deur die verbyganger en selfs onder die pote van die wildevark vertrap! Die trotse Joodse volk is in vernedering, veragting en bespottig gedompel toe die blom van die oorblywendes in ballingskap deur die Persiese maghebbers weggevoer is.

Hoe het die wingerdstok van ons volk nie ook aan die suidpunt van 'n onherbergsame en ongetemde vasteland gegroei nie? Eers het sy ranke langs die Kaapse vlakte, die valleie van Stellenbosch, Franschoek en die Paarl gestrek. Daarna rank dit verder na die Karoo en mettertyd is die Oranje, die Vaal, die Limpopo en selfs die Zambezi oorgesteek.

Hoe is die genadige, sparende en seënende hand van God nie in ons geskiedenis sigbaar nie? In die temming van 'n harde land met weinig ander hulpmiddele as alleen die gewillige hand en die volhardende gees, is die vrugbaarheid van die bodem bloot gelê; die minerale rykdomme is ontdek en ontgin; 'n eie sterk industrie en ekonomie is gevestig en eertydse barbaarse volke en stamme is beskaaf. Die uiteindelikke evangelisering van swart en bruin rasse, het aan 'n jong en klein volk 'n lewensimpetus gegee wat die lewe in Suid-Afrika mooi en uitdagend gehou het. Vandag is dit 'n voorspoedige land en uit die sowat 22 miljoen inwoners kan 15 miljoen christene getel word.

Israel, van ouds is wel deur haar vyande onder die voet geloop, maar dit het geensins die verwerping van die volk beteken nie. Jesaja weet van 'n stomp wat van die wingerdstok sou oorbly, en Paulus ontdek die verwerping van Israel in Rom. 11: 1, 2. Asaf sien profeties in die toekoms ook vir die toestand van verval 'n keerpunt. Sy onwrikbare geloof is gevestig op die feit dat God nog steeds die Herder van Israel is en daarom begin hy sy klaagsang met 'n beroep op dié Herder.

Asaf wag op dié heerlike dag wanneer God weer in volle ligglans ook aan sy ongehoorsame volk sal behoort. Daarby het God self die wingerdstok geplant. Hy sal die werk van sy hande tog nie laat vaar

nie. Die kronkelinge van die mens se geskiedenis dwing God nie van sy koers af nie. Sy raad bestaan in ewigheid en keer selfs ons menslike teenspoed in ons guns.

As ons dan glo dat God ons volk ook geplant het, kan ons daarvan seker wees dat Hy, in die soenverdienste van Jesus Christus, ons ook sal behou in die aangesig van die mees uitdagende omstandighede waaronder Hy ons plaas. Maar voorwaarde vir Sy beskerming bly altyd die geloofsvertroue en noue persoonlike verband van die gelowige en die Heer.

Hoe staan ons egter nie verdeeld op die kerklike erf nie? Het ons skanse so hoog opgegooi dat die wingerdplant van die geloof nie eers bo-oor kan reik nie? Moet ons nie onself losmaak van die suigkrag wat die voorspoed op ons kry nie? Staen ons nie in gevaar om toe te gee aan die eise van sedeloosheid en ongebondeheid wat so fel woeker nie?

Terwyl ons uit die geskiedenis van Israel wysheid kan leer, laat ons dan die vestiging en instandhouding van ons land en volk voortdurend dank aan die versorging van die troue Herder van wie ons die kudde geword het. Laat ons, die lote van die ware Wynstok, dan ook die vrugte dra wat by die Stam pas.

(Verkorte weergawe van 'n preek gelewer deur dr. W. J. B. Serfontein, die N.G. Moederkerk, Stellenbosch, op 8 April 1973.)

Kursusse

Die Biochemie-Departement word 'n Werklikheid

Die geskiedenis van Biochemie aan die Universiteit van Stellenbosch begin in die laattwintigerjare. Die geskiedkundige afdelings van die Departement Chemie was anorganies, organies, fisies, en onderaan die personeel van Chemie in die jaarboek in die vroeë dertigerjare lees 'n mens: „'n Lektor in Biochemie moet nog benoem word”. 'n Klaargemaakte lektor was egter nêrens te kry nie, want behalwe oor vakkennis moes hy ook oor taalkennis beskik, en al plan was om een van die Universiteit se eie produkte oorsee te stuur vir die nodige afwerking – en daardie afwerking het hy in Berlyn gekry onder die beroemde navorser op die gebied van die nukleïensure, prof. H. Steudel. Niemand, allermens die senior skrywer van hierdie stuk, het destyds kon dink dat veertig jaar later byna alle navorsing op die gebied van Biochemie op een of ander manier met nukleïensure sou skakel nie. Op 1 Januarie 1934 het die skrywer hiervan die eerste dosent in Biochemie aan die Universiteit in die Departement Chemie geword. Natuurlik was daar 'n paar stukkie spesiale apparaat wat moes aangeskaf word – o.a. 'n yskas! Maar weens die geldskaarste van die depressie is dit van die lys geskrap. Was dit nie dat die destydse Direkteur van die De Beersgebou ook toevallig die Voorsitter was van Het Jan Marais Nasionale Fonds nie, sou 'n 1934-model yskas ons nie byna 40 jaar gedien het nie!

In hoofsaak was die kursusse in Biochemie deel van die vak Chemie en as II B-, III B-, IV B- en M.Sc.-studente het daar in die afgelope 39 jaar duisende studente met die vak kennis gemaak – 'n paar het dit tot die doktorsgraad gebring.

Net na die oorlog het dit maar woelig gegaan, en tot laat in die vyftigerjare moes die een dosent dikwels meer as honderd studente in die tweedejaar, sowel as al die meer gevorderdes hanteer. Eers in 1959 het hy hulp gekry. Teen ongeveer hierdie tyd is daar

in die Fakulteit van Landbou 'n Departement van Landboubiochemie gestig, en het die landboustudente wat vir baie jare hul opleiding in Biochemie in die Chemie-departement gekry het, daarheen oorge-skuif. Die basiese Chemie wat as agtergrond moes dien, is nog deur die Chemie-departement aangebied. Die aantal studente wat die kombinasie Chemie-Landboubiochemie as hoofvakke gevolg het, was egter beperk, hoewel die aantal nagraadse studente in Landboubiochemie, insluitende doktorsgraadstudente, onder die bekwame leiding van wyle prof. I. S. Perold, die eerste hoof van die Departement, verbasend hoog was.

Dr. Hennie de Kock





BIOCHEMIE (1973)

Agter (senior studente) l.n.r.: A. C. Neethling, J. H. Hofmeyr, M. E. Carstens, M. E. van der Merwe, M. J. McKenzie, A. J. J. van Rensburg, G. Thom.

Voor (dosente) l.n.r.: Dr. O. T. de Villiers, prof. J. L. de Wit, prof. J. H. Barnardt, dr. H. W. Stindt.

Geleidelik het die gevoel ontwikkel dat, soos ons gevierde volksleier eenmaal gesê het, „bymekaar gebring moet word, wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort”. In 1969 het die eerste voelers van die Departement Landboubiochemie en die afdeling Biochemie na mekaar begin uitgaan, en ’n voorstel het voor die Senaat geding dat ’n komitee die moontlikheid van konsolidasie van alle Biochemie wat as sulks gedoseer is, of as onderafdelings van vakke, ondersoek. Hierdie komitee, met die Rektor as voorsitter, het sy opdrag met groot ywer uitgevoer, en vir die dosente wat daarby betrokke sou wees, was dit ’n besondere gebeurtenis toe die Senaat en die Raad einde 1972 toegestem het dat vanaf 1973 die Departement Landboubiochemie en die afdeling Biochemie gekonsolideer word tot ’n Departement van Biochemie in die Fakulteit van Natuurwetenskappe, met volle verteenwoordiging ook op die Fakulteitsraad van Landbou. Nagraads word die vak vanjaar reeds aangebied, maar voorgaads sal Biochemie, wat eers vanaf die tweede akademiese jaar geneem kan word, vanaf 1974 as vak aangebied word. Intussen volg landbou-studente nog steeds die kursus in Landbou-biochemie soos in die verlede.

Vanaf 1974 sal dit vir studente in beide Fakulteite moontlik wees om sowel Chemie as Biochemie as hoofvakke aan te bied, maar Biochemie sal ook saam met feitlik enige biologiese vak as hoofvak geneem kan word. Uit die aard van die saak is daar sekere voorvereistes.

Die samesmelting van die afdeling Biochemie en die Departement Landboubiochemie het besonder gelukkig verloop, want daar was baie min duplikasie van duur apparaat, en die paar stukke duur apparaat wat nog kortgekom het, is dadelik deur die Raad bewillig. In hierdie dae van geldtekort sou dit dalk glad nie die geval gewees het as die Universiteit nie oor die Eeufeesfonds beskik het nie. Apparaat soos die vloeistof-sintillasieteller vir navorsing met radio-aktiewe isotope, die aminosuur-analiseerder vir die analise van proteïene, en ’n hele reeks ander multi-duisend-rand apparate was ’n paar jaar gelede maar net dinge wat in ons wense bestaan het. Vandag is hulle daar! Die Departement Biochemie het tot stand gekom met twee professore en drie senior lektore, en in ons harte was daar groot gejuig. Op die oomblik van ter perse gaan, is daar egter ’n traan in menige oog, veral in dié van die vier oorblywende dosente, want sonder ’n waarskuwing of ’n afskeidsgroet het Dr. D. H. de Kock, wat vanaf 1959 ’n steunpilaar vir die afdeling Biochemie geword het, op 6 Junie vanjaar aan ’n hartaanval beswyk. Sy plek sal moeilik gevul kan word, maar ons weet, as hy ’n afskeidswoord tot ons kon rig, dit sou wees: Excelsior!

PROF. J. H. BARNARDT

Instituut vir Beplanningsnavorsing

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het die instelling van 'n Instituut vir Beplanningsnavorsing goedgekeur. Hierdie Instituut ressorteer onder die Departement van Stads- en Streekbeplanning binne die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Die doelstellings van die Instituut is om beplanningsnavorsing te onderneem wat betrekking het op die ondersoek en evaluering van hulpbronne in streek- of stedeboulike verband, die opstel van ontwikkelingsplanne, en organisasie vir beplanning en ontwikkeling.

Spesifieke beplanningsprojekte in opdrag van statutêre of private instansies sal onderneem word. Dit sal nagraadse studente 'n geleentheid bied om vertrouwd te raak met metodes van beplanningsnavorsing en fasiliteite help skep om navorsingswerk van studente en dosente te bevorder.

Die Instituut het reeds belangrike opnames en navorsing gedoen, o.a. 'n vry volledige opname en navorsing in die Sosio-Ekonomiese Ontwikkelingstreek van die Sentraal-Weskus. 'n Beplanningsverslag van drie volumes en 'n verkorte weergawe is reeds opgestel en dien nou voor die Beplanningsadviesraad.

'n Soortgelyke beplanningsopname en -navorsing is reeds gedoen vir die Benede-Bergrivierontwikkelingstreek en die verslag opgestel. Die streek sluit die Saldanha-kompleks in. Op hierdie stadium is die verslag nog vertroulik.

'n Ontwikkelingsverslag oor die Ontspanning en natuurbewaring in die Bergrivier is reeds vir die Provinsiale Administrasie opgestel.

Die Instituut het ook opdrag ontvang van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling namens die betrokke tuislandowerheid, om 'n volledige beplanningsopname uit te voer van die Ciskei en 'n ontwikkelingsplan op te stel. Die studente van die departemente het reeds met die werk begin. Reëlins is getref vir veldwerk gedurende die April- en Junievakansies.

Dit word benadruk dat die Instituut nie 'n beplanningskonsortium sal vorm om met professionele geregistreerde beplanners mee te ding nie, alhoewel die personeel self ook professionele beplanners is. Die gedagte is net om beplanningsnavorsing uit te voer wat akademies interessant en leersaam is en wat nie praktiserende beplanners 'n heenkome sal ontnem nie.

Die Beheerkomitee vir 1973 is soos volg saamgestel: Prof. D. Page (Direkteur), die Rektor (amps-

halwe), prof. A. Coetsee, mnre. A. J. M. de Vries en B. C. Floor, prof. W. E. Kassier en prof. A. Nel.

Oefening „Equi”

Berig is ontvang dat 'n bende goed gewapende terroriste langs die Weskus in 'n suidelike rigting beweeg het, met die Saldanha industriële kompleks as hul doelwit. Volgens wat berig is, is die SAP in kennis gestel en het laasgenoemde verskeie oproepe en diefstalklagte reeds ondersoek. Die tydige optrede van die plaaslike polisie het egter verhoed dat die politieke bedrywighede onder die blanke en nie-blanke bevolking hier verder voortgesit is.

In 'n skermutseling wat gevolg het, is nege terroriste gedood terwyl twee lig gewond is. Na wat verneem word uit gegewens soos verstrek deur dié twee gewondes, beplan die vluggende groep om hul bedrywighede noord van die Bergrivier voort te sit. Die polisie het die Weermag in dié verband genader en daar is tot optrede oorgegaan.

Kortliks was dit die situasie wat by die Militêre Akademie geskets is voordat „Oefening Equi” begin het, om die drieweeklange Berede Kursus alhier mee af te sluit. Die derdejaar Leër- en Lugmagstudente het die kursus meegemaak voordat die akademiese klasse weer op 29 Januarie begin het.

Die belangrikste faktor in die doel van die berede opleiding is die moontlikhede wat die Weermag in die perd sien as vervoermiddel vir berede infanterie in die nuwe benadering t.o.v. mobiele oorlogvoering. Dit moet egter gemeld word dat die berede infanterie nie die rol gaan vervul soos die Kavaleris van ouds nie, maar dat hy hom sal moet toespits op verkenning, die inwin van informasie en ook die gerusstelling van die plaaslike bevolking. Beplande ondersoeke het getoon dat die perd hierin 'n uitstekende rol kan speel.

Teorie, sowel as die praktiese sy van al die basiese onderrig, is gedurende die eerste week afgehandel. Vir sommiges was dit die eerste werklike kennismaking met die perd, vir ander weer met die grond! Gedurende die tweede week het die klem weer geval op die taktiese aanwending van die perd en is die patrollie-formasie tot 'n fyn kuns geoefen. Gedurende die tyd moes die studente ook vertrouwd raak met dinge soos die stalroetine, voeding, algemene staladministrasie, asook die skoonmaak van die perd, die saaltuig en ander uitrusting.

Gewapen met die informasie soos vroeër genoem en met die verworwe kennis van die perd, het 'n berede patrollie die soektog na die „terroriste” begin.



Stafpersant P. Smit, instrukteur by die berede sentrum en sy patrollie.

Die eerste dag het niks opwindends opgelewer nie en die aand moes daar noodgedwonge noord van die Bergrivier kamp opgeslaan word. Die terrein was relatief maklik en patrollieleiers is derhalwe dikwels gewissel.

Intussen is berig ontvang dat die bende in die rigting van Elandsbaai vlug en dat baie skade aangerig is. Die patrollie was ligdag in die saal om sodoende die nodige afstand en terrein te kon dek. Inligting is op alle moontlike maniere ingewin om aldus warm op die spoor van die bende te bly. Die aand om 9 nm. het die skote onverwags uit die donker op dié manne

gereën. Dit was vinnig en onverwags. So tipies van die terroriste het hulle andermaal spoorloos in die donkerte verdwyn.

Die lang dag van sestien en 'n halfuur in die saal het wel deeglik sy merk op-perd en ruiter gelaat. Die volgende dag het die manne te Elandsbaai gcrus, waar die diere versorg is.

Vir die kandidaat-offisiere was die kursus en oefening 'n belewenis, baie leersaam, genotvol en in die beste gees. Dit was 'n kursus waarin elke persoon teen homself afgespeel is, waar hy aan sy eie standdaarde gemeet is, en waar hy geïnspireer is om sy beste te lewer!

LT. J. BRINK
(3e jaar B.Mil.)

Uitbreiding

OPNAME VAN KUNSWERKE

Die Universiteitsraad het besluit dat 'n omvattende opname gemaak word van alle kunswerke wat aan U.S. behoort en dat besonderhede daaromtrent te boek gestel word ten einde te probeer verseker dat dit bewaar word en behoorlik verseker is.

Prof. G. P. J. Trümpelmann, pas afgetrede professor in Duits, is versoek om die opname te doen en aanbevelings voor te lê vir die instandhouding en skoonmaakprosesse in die toekoms. Prof. Trümpelmann is hiervoor uitmuntend geskik vanweë sy liefde vir en kennis van die kuns. Prof. Trümpelmann beskou hierdie as 'n liefdestaak en wil geen vergoeding ontvang nie. *Matieland* hoop dat prof. Trümpelmann nóg 'n talent van hom sal gebruik deur 'n artikel (of meer as een) oor U.S. se Africana te skryf.

VERLENGDE DIENSURE VAN BIBLIOTEEK

Studente se biblioteekbehoefte styg

Gedurende die derde kwartaal sal die biblioteek ook op die volgende tye as 'n proefneming volle diens gee:

Maandag tot Vrydag:

Middagpouse (12.45 nm. – 1.45 nm.)

Tydskrifafdeling (4.30 nm. – 5.30 nm.)

Maandag tot Donderdag:

Aanddiens (7.00 nm. – 10.00 nm.)

Vrydag:

Aanddiens (7.00 nm. – 10.00 nm.)

Hierdie proefneming volg op 'n versoek van die Studenteraad aan die Rektor. Die groot hoeveelheid naslaanwerk wat gedoen moet word en studente wat middag op die kampus vertoef en die middagpouse vir studie wil benut, het die versoek gunstige oorgeweging van die Raad laat geniet.

Geneeskunde

Die Rektor

Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Geagte prof. De Villiers

'n Mosie van waardering

Graag wil ek namens die Geneeskundige Studenteliggaaam die volgende mosie aan u oordra soos deur ons studenteliggaaam op die vergadering van 28 Februarie aanvaar is. Dit lui:

„Dat die Geneeskundige Studenteliggaaam hiermee aan al die betrokke persone en instansies sy opregte dank en waardering betuig vir die uitstekende geriewe wat in die nuwe Onderwysblok van die Fakulteit van Geneeskunde voorsien is. Die lesingsale, laboratoria, biblioteek, kafeteria en ander geriewe vergelyk sonder twyfel gunstig met die beste ter wêreld, en ons is trots daarop en dankbaar dat die Universiteit hierdie unieke fasiliteite vir ons tot stand gebring het. Ons wil derhalwe die hoop en vertroue uitspreek dat hierdie ideale werksomgewing ons studente sal aanspoor om ook in die toekoms die goeie naam van die Universiteit en van ons Fakulteit te handhaaf en steeds verder uit te bou.”

Vriendelike groete,

C. A. DU TOIT

Sekretaris:

Geneeskundige Studenteraad,

Posbus 63, Tiervlei,

12 Maart 1973.



GROOT DANKIE

Mnr. J. Nel van der Merwe, Greenbriar 303, Parkwoods, Johannesburg skryf onder datum 19/2/73:

Jac (B.Sc. Ing. III) sê die Helschoogte is koshuis nr. 1 op die ganske aardbol.

Christa (Drama I) sê daar is nie nog so 'n plek as U.S. nie en is baie gelukkig in haar keuse, Heemstede.

Wat kan ek en my vrou dan anders sê as: 'n Groot DANKIE.

INWYDING HELSCHOOGTE - MEI 1973

L.n.r.: Mev. en prof. J. N. de Villiers (Rektor), mev. en adv. J. T. Kruger (Adj. Minister), mev. Piet Rossouw, mev. Bernie Dempers, mnr. B. Dempers en mnr. Piet Rossouw (laasgenoemde twee here is direkteure van Stellenbosch Boerewynmakery.)

Beurse en Skenkings

CALTEX SE SKENKING

'n Verdere hydrae van R2 000 is onlangs deur Caltex-Olie (S.A.) Beperk tot die Eufestruustfonds van die Universiteit gemaak. Op die foto word die tjek deur mnr. B. Sachse, personeelbestuurder van Caltex, aan mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling oorhandig. Die totale bedrag wat deur Caltex aan die Eufestruustfonds geskenk is, kom nou op R17 000 te staan.


ISODORE- EN THERESA COHEN-FONDS

'n Bedrag van R40 000 is uit die boedel van wyle mnr. Isodore Cohen ontvang. Dit is gestort in die Isodore- en Theresa Cohen-fonds waarvan die opbrengs gebruik sal word om boeke vir die biblioteek aan te koop.

BEMAKING: WYLE MNR. JAMES McCULLA

Die inkomste van ± R1 000 per jaar wat U.S. uit die Trustfonds, wat ingevolge die testament van wyle mnr. James McCulla geskep is, ontvang, sal gebruik word vir die aankoop van boeke in die klassieke tale vir die universiteitsbiblioteek.

Eerw. James McCulla was 18 jaar lank dosent in die Klassieke Tale. Hy het o.m. wyle prof. Edgar sedert 1915 geassisteer.



BEURSE

FAK Musiekbeursweners

Musiekbeurse van die FAK (klas- en losiesgeld vir een jaar aan die U.S., ± R600 waarde) is op 16/2/73 aan mnr. Nicol Viljoen van Worcester (3e jr. B.Mus.) en mnr. Bennie van Eeden van De Rust (tweedejaar B. Mus.) op Stellenbosch toegeken.

L.n.r.: Dr. Anton Hartman, mnr. N. Viljoen, ds. D. P. M. Beukes (Voorsitter Uitvoerende Komitee van die F.A.K.), mnr. B. van Eeden en prof. G. C. Cillie van U.S.



Oud-Maties

DEUR S.A. AKADEMIE VEREER

Al die Oud-Maties wat besonderlik geprester het, en van wie ons kennis dra, word hiermee hartlik gelukgewens.

Dr. W. B. Coetzer, voorsitter van Federale Mynbou, met die Frans du Toit-medalje vir bedryfsleiding.

Prof. Willem Kempen van Stellenbosch, voorsitter van die Akademie se Taalkommissie, met die C. J. Langenhoven-prys vir taalwetenskap.

Dr. C. J. G. Niehaus, jare lank hoofwinkundige van die K.W.V., met die Goue Akademie-medalje vir natuurwetenskaplike prestasie.

Mnr. Schalk Pienaar, voorheen asst.-redakteur van *Die Burger* en stigtings-redakteur van *Die Beeld*, met die Markus Viljoen-medalje vir joernalistieke prestasie.

Dr. P. Etienne Rousseau, voorsitter van Sasol, met die M. T. Steyn-medalje vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie, organisasie en beleidsformulering in die chemiese ingenieursbedryf.

GELUKWENSE: NUWE DOKTORE

Dr. P. du T. Fourie, M.Sc. (Stell.), senior lektor in Toegepaste Wiskunde aan U.S., het in April sy Ph.D.-graad (Fisika) aan R.A.U. ontvang.

OUD-MATIES TE JOHANNESBURG

'n Baie geslaagde en goed bygewoonde saamtrek van oud-Maties is op 17 Maart 1973 te Johannesburg gehou.

L.n.r.: *Prof. J. N. de Villiers* (Rektor van U.S.) en mev. De Villiers, mnr. en mev. Jan de Necker (lid van die Raad van die U.S.), mnr. en mev. Louis Luyt.



Dr. H. Oosthuizen, Hons.-B.Comm. (Stell.), M.Comm. (S.A.), senior lektor in Bedryfsekonomie aan U.S., het in April sy D.Comm.-graad aan R.A.U. ontvang.

Dr. N. J. Smith, B.A., B.D. (Pret.), senior lektor in Sendingwetenskap aan U.S., het sy D.D.-graad aan Pretoria se universiteit ontvang.

Dr. R. C. Bigalke, professor in Natuurbewaring aan U.S., was uitgenooi om in Mei een van die hoofverhandelinge by die Derde Wêreldkonferensie oor Diereprodukte te Melbourne in Australië te lewer. Sy verhandeling was oor die tegnologiese probleme i.v.m. die benutting van wilde diere. Hy het egter ook verskeie ander aspekte van parke en bosbou tydens sy besoek bestudeer.

Dr. E. L. P. Stals is bevorder tot hoogleraar en voorsitter van die departement geskiedenis aan R.A.U. Hy lei die navorsingsprojek oor die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand.

DERDE EREGRAAD

Dr. M. E. Rothman, bekende skryfster van Swellendam, het in haar 98e jaar 'n eredoktorsgraad van Unisa, nl. D.Litt. et Phil., ontvang. Sy is reeds tevore deur U.S. vereer met 'n eredoktorsgraad vir Maatskaplike Werk en deur U.K. vir letterkundige werk.

OUD-MATIE IN RHODESIESE KABINET

Mnr. Wickus de Kock het op sy 41ste verjaardag adjunk-minister van Justisie in die kabinet van mnr. Ian Smith geword. Onderwyl hy op U.S. in die Regte gestudeer het, was hy ook 'n eerstespan rugbyspeler. Sy oudste dogter, Mariaan (18), neem liggaamlike opvoedkunde aan U.S.

Mnr. J. L. Jordaan, vorige hoof van die Departement van Ontwikkeling van U.P.E., is as heeltydse senior skakelbeampte van UNISA in Kaapstad aangestel om die belange van die meer as 5 000 Unisa-studente daar te behartig.

Mej. Toy Badenhorst het die Tonie Saphra-beurs wat deur die Joodse Vrouevereniging van S.A. toegeken word, verower. Mej. Badenhorst is tans deeltydse lektrise in Maatskaplike Werk aan U.K. Sy is 'n oud-S.R. lid van die Maties. Sy sal o.a. navorsing doen oor die ineenstorting en verwarring by mense wat van een kultuur na 'n ander oorgeplaas word.

A SENIOR MATIE HONOURED

Dr. Langham D. Murray, B.A. Hons. 1911, M.A. (Oxon.) 1919, received the degree of D.Admin. (h.c.) from Unisa on the 28th April. Dr. Murray was formerly registrar of Unisa and secretary of the Joint Matriculation Board and the Joint Committee for Professional Examinations from 1934 till 1953. He now resides at 5 Glenara Avenue N., Highlands, Salisbury.

Prof. C. A. O. Henning (35) is as hoogleraar in Materiaalwetenskap aan U.P.E. aangestel.

Prof. Erika Theron, wat verlede jaar afgetree het as professor in Maatskaplike Werk aan U.S., is aangestel as voorsitter van die Regeringskommissie van ondersoek na sake rakende die Kleurlingbevolking. Hiertoe is sy uitnemend geskik – die regte vrou op die man se plek!

Prof. Jan H. Hofmeyr wat sedert die beginjare van die Landboufakulteit as professor in Agronomie en hoof van die departement Agronomie/Tuinbou aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, verbonde was, het aan die einde van 1972 afgetree. Hy was ook voorheen, in die vroeë vyftigerjare, senior lektor in Akkerbou aan die Universiteit van Stellenbosch. Mev. Hofmeyr (Debora Gie) is ook 'n oud-Matie.

VERBETERINGE

Kapt. Telena van Zyl dien as dosent in Vormende Opleiding (nie voorrade nie) by die Burgerlike Beskermingskollege vir Vroue op George.

(Hierdie burgerlike redakteur stel die fout onmiddellik reg . . . KAPTEIN! U vriendelike briefie word opreg waardeur en u adresverandering is aangeteken. Red.)

MY OU UNIVERSITEIT – MY ENIGSTE KRAAL
C. J. Langenhoven

Theronlaan 10,
Worcester.
26 Mei 1973.

Die Direkteur,
Dept. van Ontwikkeling, Stellenbosch.

Meneer,

Dit is vandag vir my 'n behoefte van die hart om aan ons ou Alma Mater te skryf, en sou ek in hierdie

opsig nie daarin slaag om wat ek wil sê aan die betrokke persone oor te dra nie, vertrou ek dat u sal toesien dat dit wel geskied.

Nadat ons albei se vaders omstreeks 1920 op Stellenbosch studeer het, was my vrou en ek ook weer op ons beurt tussen 1944 en 1950 daar. (Ons was nie eers op Stellenbosch „gekys” nie.) Nou is dit ons voorreg om ook ons oudste dogter as student aan die Universiteit te hê.

Ten spyte van wat almal so baie te sê het oor die jeug van vandag – en dan glo ek daar is baie om oor bekommerd te voel – kan ons vandag met groot dankbaarheid sê dat ons bly is dat ons kind op Stellenbosch is en dat ons geen rede het om bekommerd te wees dat sy in verkeerde hande is nie.

Nou wil ek veral ’n paar dinge noem wat in ons tyd nog nie so was nie en wat nou indruk op ons maak, nl.

1. *Die Buro vir Studentevoorigting*

Ek kan maar alte goed onthou hoe oorbluf ek was toe ek as eerstejaar op Stellenbosch aangeland het as ’n vaal Vrystatertjie van ’n klein dorpie af. ’n Mens het so min van die verskillende kursusse af geweet en jy was te oorbluf om jou na enigiemand te wend om leiding en advies, met die gevolg dat ek ’n jaar gemors het met die verkeerde kursus.

Hoe aangenaam verras was ons met die hulpvaardigheid en simpatieke benadering van die voorligtingspersoneel. Vandat ons dogter (en onself) met hulle kennis gemaak het, het hulle daarin geslaag om die kind se vertroue te wen en haar rigting te gee – ’n rigting waaroor sy nog nie een oomblik spyt was nie.

Ons dogter het baie beperkte gesig, en ook in dié opsig het die voorligtingspersoneel baie struikelblokke uit die weg geruim deur met al haar dosente te skakel en die nodige reëlins te tref. Sy weet ook dat sy altyd weer daar kan gaan aanklop as sy probleme ondervind – ’n groot gerusstelling vir enige student.

2. *Die Koshuis*

Toe eerstejaarskoshuise vir die eerste keer ingestel is, het baie van ons oud-studente maar skepties gestaan. Ons het geglo daar is net een manier om in die studentelewe ingewy te word en dit is die goeie ou harde manier. Goed en wel vir dié wat dit kon oorleef, maar hoeveel van die fyner ingestelde studente is nie daardeur gebreek en weggedrywe nie.

Wat ons betref, is die nuwe stelsel ’n reusesukses. Ons dogter is in Minerva, dus kan ons net daaroor oordeel. Die indeling van sowat twaalf eerstejaars

onder toesig van ’n senior met min of meer dieselfde studierigting lyk vir ons baie geslaagd. Dit gee aan die eerstejaar dadelik ’n vastrapplek. Die klein blykies van persoonlike belangstelling van die huiskomitee-lede wat duidelik baie sorgvuldig gekeur is, laat die eerstejaar gou tuisvoel.

Ons is baie bly dat ontgroening nie heeltemal afgeskakel is nie. Dit is egter oordeelkundig toegepas, en veral die feit dat dit afgehandel is voordat die lesings begin, is ’n baie groot voordeel. Netso is die algemene oriëntering gedurende die twee weke voordat die klasse begin, baie waardevol om die aanpassing met minder ontwrigting te laat geskied.

Mag ons ook sê dat ons waardering het vir die simpatieke en toeganklike „koshuisvader” of verantwoordelike professor, wat hoewel hy nie inwoon nie, tog in persoonlike kontak met die studente in die koshuis verkeer en in hulle belangstel – ook dit dra by tot die gevoel van sekuriteit by die student.

3. *Die Kerk*

Ons bemerk ook ’n baie meer georganiseerde persoonlike belangstelling van die kant van die Kerk ten spyte van die baie groter getalle. Dit is iets om baie dankbaar voor te wees as ’n mens besef dat jou kind tuis voel in sy Kerk en dat die Kerk nie iets is wat bokant sy vlak verbysweef nie. Daarom is dit ook dit ons as ouers ’n voorreg om iets te kan bydra tot die geweldige finansiële behoefte van die studente-bearbeiding.

Ten slotte is dit vir ons as ouers ook ’n voorreg om by te dra tot die ontwikkelingsfonds omdat ons kan sien dat daar in der waarheid baie ontwikkeling plaasvind – en dit nie alleen wat betref geboue en ander materiële behoeftes nie, maar veral ten opsigte van die persoonlikheidsontwikkeling van die student.

Baie geluk, Stellenbosch! Doen so voort. Ons is trots op ons ou Alma Mater.

Die uwe,

W.G. MNR. EN MEV. J. A. STOFBERG

Notule van die Konvokasie 30 November 1972

AANWESIG:

Prof. C. G. W. Schumann (President), mevv. M. H. Agostinis, J. M. Albers, dr. J. S. Allen, mnr. J. A. M. Archer, prof. J. H. Barnardt, mnr. E. J. Basson, prof. Lydia Baumbach, mnre. A. T. Bekker, D. V. Benade, C. A. Beukes, E. A. Blommaert, prof. B. Booyens, mev. J. S. Booyens, proff. A. G. Botha, J. P. Bothma,

mnr. G. B. Britz, adv. A. H. Broeksma, mev. S. A. Burger, mnr. W. P. Burger, prof. G. C. Cillié, mev. M. S. B. Cillié, mnre. C. J. Cloete, J. P. Coetsee, mej. C. E. S. Coetzee, mev. C. S. Coetzee, mnre. F. J. B. Coetzee, P. Coetzee, D. G. Conradie, F. D. Conradie, mevv. J. H. Conradie, M. M. L. Conradie, mnre. R. P. Conradie (Sekretaris), W. A. de Jongh, N. C. de Klerk, dr. Anna J. D. de Villiers, proff. J. E. de Villiers, J. N. de Villiers, mev. M. de Villiers, mnr. S. G. de Villiers, mev. S. J. A. de Villiers, prof. P. J. G. de Vos, mev. S. G. de Vos, prof. M. J. de Vries, mnr. A. H. du Toit, dr. A. J. du Toit, ds. H. M. L. du Toit, mnre. C. G. de K. du Toit, C. S. de K. du Toit, A. H. V. Erasmus, A. J. Esterhuyse, mev. H. E. Ferreira, mnr. I. F. Ferreira, dr. J. J. Fouché, mnr. T. F. Fourie, drr. M. Grut, W. J. O. Jeppe, prof. M. E. Jooste, mev. H. M. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, mev. P. Kemp, drr. D. Krige, G. J. R. Krige, mnr. A. D. Kritzinger, mev. H. A. Kuyler, prof. E. W. Laubscher, mnre. A. M. Lawrie, Z. J. Lazarus, mev. A. J. Lens, prof. J. M. le Roux, mnre. A. M. Lindhorst, P. J. Lombard, C. H. Loubser, mev. A. J. Louw, mej. G. J. Louw, prof. H. A. Louw, mnre. W. P. Lubbe, A. G. Marx, mev. J. M. Marx, dr. P. G. McMagh, mevv. C. W. Meaker, C. F. Meyer, mnre. D. J. Morkel, E. J. Mostert, eerw. H. G. Murcott, mnr. L. J. Murray, mev. M. E. Murray, mnr. S. D. C. Odendaal, prof. A. Nel, mnre. G. Nieuwoudt, D. J. Nolte, J. R. Olivier, J. J. Oosthuysen, mev. H. B. Pauw, mnre. J. C. Pauw, Theo Pauw, J. E. Potgieter, mev. E. C. Pretorius, mnre. J. D. Pretorius, M. B. Read, prof. H. O. Reuter, mnr. B. Rode, dr. J. S. Roos, mnr. L. J. Schoonees, prof. D. E. W. Schumann, mej. L. C. Sieberhagen, mnr. M. L. Small, mnr. C. G. S. Smit, mev. H. M. Smit, mnr. J. N. Smit, mej. E. H. Smuts, prof. F. Smuts, mev. J. H. Smuts, mej. C. P. Spies, mnr. J. F. Spies, mnre. D. C. Swart, J. A. Theron, L. M. Toerien, J. R. Uys, mev. H. A. van der Merwe, mnre. J. J. R. van der Merwe, D. E. van Niekerk, H. G. van Niekerk, T. C. D. van Schalkwyk, P. W. J. van Staden, mev. D. M. J. van Vuuren, drr. J. C. J. van Vuuren, H. Vermaas, mnre. J. J. H. Victor, D. J. Visser, prof. O. Wipplinger, mnre. S. C. Wiid, H. J. Zietsman.

Op versoek van die President open ds. H. M. L. du Toit die verrigtinge met gebed.

Die Sekretaris lees die gedrukte kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, waarna die President die vergadering as behoorlik gekonstitueer verklaar.

Die notule van die vergadering van 2 Desember

1971 word goedgekeur en deur die handtekening van die President bekragtig.

MEEGEVOEL MET NABESTAANDES VAN AFGESTORWE LEDE

By monde van die President betuig die vergadering sy meegevoel met die nabestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering heengegaan het. Die volgende persone word o.a. genoem:

Dr. A. J. R. van Rhijn
Mnr. P. M. H. Calitz
Dr. Kurt Kannenberg
Prof. Hennie Swanepoel
Ds. C. B. Brink
Ds. Anton C. Stegmann
Dr. Paul Biesenbach
Prof. Franciscus X. Laubscher
Dr. Hermann H. Vedder
Mnr. Piet C. F. Swiegers
Ds. Andries A. van Schalkwyk
Ds. J. Andries J. Steenkamp
Mnr. Paul Malherbe
Dr. Frikkie Meyer
Mnr. Impi Stierlin
Mev. F. Cinie Pienaar
Mnr. G. A. Watermeyer
Prof. John F. v. d. S. de Villiers
Dr. Ben Smit
Ds. Jan H. M. Stoffberg
Ds. P. A. M. Brink
Mej. Joan van Niekerk
Ds. Dan de Beer
Mnr. C. E. de J. (Boy) Louw
Mej. Mini Marais
Mnr. Sas (J. S.) de Kock

GELEENTHEIDSPREKER: DIE REKTOR

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, lewer 'n kort uiteensetting van sekere aspekte van akademiese beplanning aan die Universiteit. (Sien *Matieland*, April 1973, bl. 22 en 23.)

Op versoek van die President word die Rektor deur mnr. J. D. Pretorius bedank.

ONBESTREDE VOORSTELLE VAN GELUKWENSE

Onbestrede voorstelle van gelukwense aan 'n groot getal persone i.v.m. onderskeidinge wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere aan:

- (a) *Eredoktore van Universiteit van Stellenbosch 1971*
Dr. M. A. Cook, D.Phil. (H.C.) – kultuurbe-
waring – veral ou Kaapse geboue.
Prof. W. J. Pretorius D.Comm. (H.C.) – as land-
bou-ekonomies.
- (b) *Nuwe Professore 1972*
Prof. J. A. Matthee in Rekeningkunde.
Prof. W. J. Verwoerd in Geologie.
Prof. M. P. Barnard in Borskas-Chirurgie.
Prof. J. N. de Klerk in Urologie.
Prof. I. M. Hofmeyr in Verpleegkunde.
Prof. P. G. Joubert in Ortopedie.
Prof. M. P. Keet in Kindergeneeskunde.
Prof. H. G. van Niekerk in sielkunde.
Prof. H. W. Rossouw in Filosofie.
Prof. H. P. Wassermann in Geneeskunde.
Prof. A. Schoeman in Wiskundige Statistiek.
Prof. F. X. Prins in Herstellende Tandheel-
kunde; ook as Dekaan van die Fakulteit Tand-
heelkunde vanaf 1 Januarie 1973.
Dr. J. J. de Villiers in Maatskaplike Werk vanaf
1.1.1973.
Dr. H. R. Kussler in Duits vanaf 1.1.73.
- (c) *Nuwe Ereprofessore 1972*
Prof. Izak van Heerden in Kernfisika.
- (d) *Nuwe Medeprofessore 1972*
Prof. B. Bouwer in Wiskundige Statistiek.
Prof. P. J. Conradie in Grieks.
Prof. J. J. Cruywagen in Chemie.
Prof. M. J. C. de Reville in Ekonomie.
Prof. M. P. de Vos in Botanie.
Prof. M. E. Malan in Soölogie.
Prof. D. J. Marais in Fisika.
Prof. J. W. Postma in Liggaamlike Opvoed-
kunde.
Prof. J. G. Steytler in Geneeskunde.
Prof. H. W. Weber in Grondkunde.
- (e) *Bevorderings*
Prof. Wynand L. Mouton tot voltydse Dekaan van
die Fakt. van Natuurwetenskappe.
Kol. J. D. Potgieter tot brigadier en as nuwe be-
velvoerder van die Militêre Akademie te Saldan-
ha.
Kol. P. J. G. de Vos tot brigadier en vaste dekaan
van die Fakt. van Krygskunde.
Mnr. Ivor Potgieter tot Adjunk-Direkteur van
Sport.
- (f) *Volle lede van die S.A. Akademie*
Prof. W. D. Jonker, Teologie.
Prof. H. W. Rossouw, Filosofie.
Prof. G. N. Louw, Dierkunde.
Prof. M. E. Malan, Dierkunde.
- Prof. W. A. van Niekerk*, Ginekologie en Verlos-
kunde.
Prof. J. W. R. de Villiers, Toegepaste Wiskunde.
Prof. D. Page, Stads- en Streekbeplanning.
Prof. H. O. Reuter, Elektrotegniese Ingenieurs-
wese.
Prof. P. J. de Wet, Skaap- en Wolkunde.
Dr. J. E. Erasmus, Winterreënstreek (Prinsi-
paal).
Prof. P. B. Zeeman, Fisika.
- (g) *Ander Gelukwense*
Mej. Joan van Niekerk (sedertdien oorlede) met
F.A.K.-oorkonde vir bevordering van Afrikaan-
se volksmusiek.
Prof. Con de Villiers met F.A.K.-oorkonde vir be-
vordering van Afrikaanse volksmusiek.
Prof. H. B. Thom met die ontvangs van die Ere-
Penning van die Natalse Saamwerkunie op 8
Augustus 1972.
Prof. E. G. Malherbe (Doc) met sy credoktors-
graad in Regsgelcerdheid van die Universiteit
van St. Andrews, Skotland.
Dr. F. W. Rabe met sy aanstelling as Mediese
Superintendent van die Tygerberg-hospitaal.
Prof. M. A. de Kock met sy benoeming tot lid van
die Royal College of Physicians.
Mej. M. Runnalls met die Ernst Oppenheimer-
toekenning vir verdere studie.
Prof. W. A. van Niekerk en *mnr. A. E. Retief* met
die toekenning vir 1971 van die Blignault-prys
vir die beste artikels wat in die S.A. Tydskrif vir
Geneeskunde verskyn het.
Mnr. Philip McLachlan met die erepenning vir
Sang van die S.A. Akademie en met die uit-
nodiging wat die Universiteitskoor ontvang het
om in Portugal aan die internasionale Universi-
teite-Koorfees in 1973 deel te neem.
Sy Ed. J. C. Heunis met sy aanstelling as Adjunk-
minister van Finansies en Ekonomiese Sake
(Augustus 1972).
Sy Ed. J. J. Malan met sy aanstelling as Adjunk-
minister van Landbou (Aug. 1972).
Mnr. J. D. J. de Necker met sy verkiesing
tot President van die Afrikaanse Handelsinsti-
tuut.
Mnr. H. Recht Malan met die ontvangs van die
D. F. Malan-medalje van die S.A. Akademie vir
1972.
Dr. P. A. Weber met sy ontvangs van die
Markus Viljoen-medalje van die S.A. Akademie
vir 1971.
Prof. Erika Theron met Erepennig vir Maat-

skaplike Werk van die S.A. Akademie vir 1972.
Oom Pietie le Roux van die Stellenbosse Boere-orkesfaam met sy negentigste verjaardag op 17.10.72.

Prof. C. J. Kriel met sy aanstelling as Rektor van die Universiteit Wes-Kaapland vanaf 1.1.73.

Mnr. F. G. Barrie met sy aanstelling as Kontroleur en Ouditeur-generaal vanaf 1.9.72.

Dr. Jan Bouws met sy ontvangs van die oorkonde vir diens aan die Afrikaanse volksmusiek van die F.A.K., 1972.

Prof. Fritz E. Radel met sy aanstelling as Vise-rektor van Unisa in Aug. 1972.

Dr. Steve Rossouw met sy verowering van die Nuffield-beurs (1973).

Prof. J. J. Oberholzer met die publikasie *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika* (1972).

Mnr. Arnold van Wyk met sy eredoktorsgraad in Musiek van Universiteit Kaapstad (1972).

Mnr. Piet J. Loubser, nuwe L.U.K. - hospitaal-dienste.

Adv. Braam Lategan aangestel as 2de Adjunk-prok.-generaal van Kaapstad.

Mnr. C. W. Marais as lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch.

Mnr. Dawie de Villiers met sy verkiesing tot L.V. vir Johannesburg-Wes.

VERKIESING VAN PRESIDENT

Die President, prof. C. G. W. Schumann, wie se termyn ten einde geloop het, word eenparig herkies as President vir 'n verdere tweejaar-termyn.

Die vergadering verdaag om 8.30 nm.

Studentebedrywighede

Dr. Danie Craven's tears of pride

By Neville Leck - *Cape Times* 11/6/73

Dr. Danie Craven hardly allowed himself a flicker of emotion at Coetzenburg on Saturday while Morne du Plessis' magnificently motivated Maties were so thoroughly destroying the myth of invincibility that has so long surrounded Pretoria University.

His granite face, more often than not cupped in one of his big hands, remained almost totally impassive, even during those rousing moments when Stellenbosch's three great tries brought the jam-packed crowd of 14 000 to their feet in a thunderous explosion of uninhibited joy.

But afterwards when it was all over and the Maties had beaten Louis Muller's mighty „Bulls of the North" 14-3, the iron-willed task-master of Stellenbosch couldn't hide his pride. It welled from his eyes in unashamed tears as he celebrated with his jubilant students in their dressing room. And no wonder.

Before the game there were Transvalers who were

saying that the Tukkies were going to destroy forever the living legend that is Craven. Instead they were taught a stunning lesson that muscle up front is no guarantee to victory as they were out-thought and out-run in one of the finest matches in the Cape in years.

MATIE-TUKKIE-RUGBY

Jaar	U.S.	U.P.
1922	12	19
1942	6	8
1943	14	0
1944	6	3
1945	7	0
1946	12	17
1951	14	6
1973	14	3
	—	—
Totaal	85	56
Wen	5	3

Die Universiteitskoor in Europa

„I've listened to your choir and I have heard excellent reports about your choir . . . and I can honestly say that the sound is good, the quality fine and the repertoire excellent. We would therefore seriously consider to invite you to the Lincoln Festival . . . but there is one little snag . . .”

Dit was die laaste dag van die Internasionale Fees vir Universiteitskore in April vanjaar in Portugal. Die dag van groet. Die Direkteur van die Internasionale Koorfees in die Lincoln-sentrum in New York, mnr. James Björge, het gesê hy wil met mnr. Philip McLachlan, leier van die Universiteitskoor Stellenbosch, en met my praat; of ons bietjie buitentoe kan gaan. En terwyl ons koers gekry het in die rigting van die Taag, het hy keel skoongemaak en die saak aangeroei . . . „I've listened to your choir . . .”

Die „one little snag . . .” het geblyk 'n voorwaarde te wees. Die fees in die Lincoln-sentrum is veelrassig. Die Universiteitskoor Stellenbosch nie. Ons moes vir hom sê dat ons ons vurk nie in sy hef kan maak pas nie!

Mnr. Philip McLachlan se grote musikaliteit en gevoelvolle leiding waarmee hy die Koor tot innige interpretasie inspireer, het kenners in Duitsland en België in vervoering gehad en dit het by meer as een geleentheid in Portugal gebeur dat hy op tipiese Latynse manier om die hals geval en as 'n „great conductor” bestempel is.

Ook die briewe wat op Stellenbosch aangekom het, is vol lof. „Veels geluk met die groot sukses wat behaal is; dit was 'n skitterende prestasie”, lui 'n brief van 'n Afrikaner uit Keulen, waar die Koor die gaste was van die Kölner-Männer-Gesang-Verein. „Ek kan net sê ek was die aand groots op ons mense en het gevoel dat hulle nie net die naam van Stellenbosch nie, maar van Suid-Afrika as 'n geheel hoog gehou het.

Mnr. Horst Massau, ondervoorsitter van die Männer-Gesang-Verein en die persoon wat hoofsaaklik vir die plaaslike reëlings verantwoordelik was, het gesê dat na sy mening geen Duitse Universiteitskoor by die Stellenbosse koor kan kers vashou nie. Groot waardering is daarvoor uitgespreek dat 'n koor in hierdie dae nog 'n groot deel van sy program aan die pragtige ou geestelike liedere kan wy.”

„Die lang en aanhoudende applous het egter nie net vir die pragtige koorsang van die Stellenbossers gegeld nie, maar seer seker ook vir hul netjiese voorkoms, hul gedissiplineerdheid, die oorgawe waarmee hulle gesing het en die humor waarmee die verskillende liedere gelewer is.”

Uit België skryf mnr. Clem de Ridder, wat die uitvoerings in Hasselt en Ekeren bygewoon het: „Ikzelf ben een groot liefhebber van koorzang, maar ik kan getuigen dat ik nog nooit een koor zo mooi en kunstvol heb weten zingen. De Vlaamse radio en televisie heeft reeds drie maal een uitzending gegeven van die uitvoering in Hasselt. U mag waarlijk trots zijn op uw koor en zijn leider.”

Uit Brugge skryf mnr. Maurice van den Abele, 'n vooraanstaande nyweraar in die stad: „De diversiteit in genre en veelvuldigheid in de verkozen talen bewijst niet enkel van veelzijdigheid in talent, maar ook van breedheid van geest. Het koor was voorwaar een uitstekend ambassadeur voor Zuid-Afrika dat mij ooit heeft bekoord en het zou mij groot genoeg doen te weten dat gij deze waardering aan de talentvolle dirigent kunt overmaken.”

Uit die brief van 'n lid van die stadsraad van Ekeren, mnr. Bruno Peters, net die volgende uittreksel: „Nog immer diep onder de indruk van die fijne en vooral voor onze jeugd voorbeeldige prestasie van uw universiteitskoor, kan ik niet nalaten u van harte geluk te wensen om de manier waarop uw studenten en studentinnen ons een enig mooi stuk kultuur uit Zuid-Afrika brachten.”

Dan is daar die brief van mnr. Willem de Meyer: „Gisteravond beluisterden we te Ekeren bij Antwerpen het optreden van het Hoogstudentenkoor van Uw Universiteit dat momenteel een gastreis door Europa doet. Het werd een weergaloos succes! Een overgevolle feestzaal van ruim 500 aanwezigen kwam spontaan in een delirium van geestdrift die ik zeer zelden in eigenland met ons volk beleefde. Midden een tyd van verwarring en veel dekadentie op moreel en kunstsinnig terrein, waren heelwat prominenten de mening toegedaan dat dit koor onder de bezielende leiding van so 'n dirigent als't ware de rol van de beste ambassadeurs van Z.A. in de schaduw stelt.

Gans het kankerprobleem over de 'apartheid politiek' in Z.A. vervaagt daarbij en verdwijnt op de achtergrond. Spontaan reageren de aanwezigen met die vergelyking te doen tussen Uw hogeschoolstudenten vol van nationale trots, hoge kunstzin en blakend van lewensvreugde en de onze. Komt daarbij dan nog de Z.A. levensstijl die onweersstaanbaar eerbied en genegenheid afdwingt. We schamen ons als volk de vergelyking door te trekken met onze hoogstudenten! Dát was voor iedereen de grote les die we, naast de feestvreugde, voor ons paart mochten nemen. 't Zal voor velen een kans tot bezinning brengen die we absoluut in Centraal Europa nodig hebben.

Namens het gezond denkend deel van het Vlaamse

volk voel ik me dan ook verplicht U, de leiding van het koor en de flinke en dappere studenten en studentinnen hartelijk dank te zeggen. Wij zijn trots op het stamverwante Zuid-Afrika en beloven U de grote les te nutte te maken."

En onder die opskrif „Heerlijk koorconcert door Die Universiteitskoor Stellenbosch" skryf die resesent van die *Brugsch Handelsblad*: Zij geven iets weg van hun vokale overvloed, hetgeen resulteert in een gemakkelijke benadering van het louter muzikale dat, zeker ook dank zij de persoonlikheid van hun koorleider Philip McLachlan, in een soort gemoedelijkheid doorklinkt die het zingen van de Weners kenmerkt . . ."

Oplaas 'n vertaalde uittreksel uit die *Diario de Noticias*, Lissabon se voorste oggendkoerant, ná die koor se laaste optrede by die Koorfees in Portugal: „Die tweede helfte van die program het met die Stellenbosse Universiteitskoor begin; gemengde stemme onder leiding van Philip McLachlan, met 'n krag wat deurdring en elke toehoorder besiel het. Opmerklik was ook die ongelooflike omvang van intensiteit, gemak van uitdrukking en indringing in die tekste."

Twaalf kore van Portugal, Wes-Duitsland, Spanje, Brazilië, Japan, die Filippynse Eilande, Mosambiek en Suid-Afrika het aan die Koorfees deelgeneem en daar kan met vrymoedigheid gesê word dat die Universiteitskoor Stellenbosch een van die grootste gunsteling onder die luisteraars was.

Die Universiteitskoor het met sy deelname aan die fees, danksy die geldelike hulp wat hy op die laaste tippie van „vriende van die Koor" gekry het, die kroon gespan op die baie wat hy in die 36, 37 jaar van sy bestaan bereik het. Terselfdertyd kan jy nie die gevoel onderdruk dat 'n nuwe tydperk vir die Koor en koorsang in Suid-Afrika ingelui is nie.

Trouens, die tyd is waarskynlik nou ryp dat daar ernstig gedink moet word aan 'n nuwe bedeling vir kore van gehalte op universiteitsvlak. Dit het 'n finansiële implikasie, waaroor ernstig besin moet word. Daar is staatshulp vir amateurorganisasies op musiekgebied en daar is staatshulp vir professionele groepe deur die rade vir uitvoerende kunste, maar iets soos universiteitskore val tussen die twee stoele deur en moet meeding met akademiese behoeftes wanneer 'n universiteit soos Stellenbosch wat die kulturele bydrae wat so 'n koor lewer na waarde kan skat, moet besluit oor die aanwending van die geld tot sy beskikking . . . „omdat universiteite reeds gesubsidieer word".

LOUIS WESSELS



S.A.L. EN DIE MATIES

Die Universiteitskoor gaan aan boord van die S.A.L.-vliegtuig op die lughawe van Lissabon, Portugal in April 1973.

Kennisgewing van adresverandering

Die Redakteur, *Matieland*, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Ou adres:

.....

.....

Nuwe adres:

.....

.....

Geniet die Suid-Afrikaanse leefwyse



**Groei met
Sekuriteit**

**Spaar en belê by die
SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING**



Permanent Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch.


Grant 2752

Hoe jammer tog dat u net twee voete het...


Bata is die grootste skoenorganisasie in die wêreld. Verlede jaar het ons byna 250 miljoen paar skoene verkoop in sowat 97 lande. Dit beteken dat ons oornag die hele Suid-Afrika van skoene kan voorsien en nog hope sal oorhê.

Ons kan u toerus met mokassins . . . jagstewels . . . aandskoene . . . seilskoene . . . sandale . . . wigskoene . . . platformskoene . . . kleuter- en tienerskoene . . . enige grootte en vorm skoene.

Hierdie groot verskeidenheid word in ons Suid-Afrikaanse fabriek vervaardig deur 2 000 werknemers. Daarom sê ons: hoe jammer tog . . . Toe maar, miskien is ons gelukkiger wanneer ons eendag met die Marsmannetjies kennis maak.



Bata
verstaan voete.



U eerste stap na finansiële onafhanklikheid.

Die opening van 'n spaarrekening by Volkskas is die eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Hiervan kan duisende Volkskas-klënte getuig, manne en vroue wat deur gereelde en planmatige besparing vandag geldelik sterk staan. Die afgelope 10 jaar het spaarfondse by Volkskas gestyg van R26-miljoen tot by die R100-miljoen!



Ook u kan die genot smaak van „geld in die bank” te hê en finansiël onafhanklik te wees. Maar dan moet u die eerste stap neem. 'n Spaarrekening by Volkskas open en gereeld 'n ietsie opsy sit. U sal verbaas wees om

te sien hoe vinnig u spaargeld aangroei. Natuurlik voeg ons elke ses maande ook nog 'n stewige bedrag rente by.

Met 'n Volkskas-spaarboekie in u sak is u nooit in die verleentheid nie. As u byvoorbeeld op reis of met vakansie is en onverwagte uitgawes het, kan u by enig een van ons 500 kantore dwarsdeur die land — en sonder om vooraf reëlings te tref — tot R100 per dag onttrek.


Saam met spaargeriewe bied Volkskas u altesaam 38 bankdienste. Ons gratis brosjure „Weet u wat Volkskas vir u kan doen?” vertel alles daarvan.

Stap in by u naaste Volkskas. En kyk wat Volkskas alles vir u kan doen.




Volkskas Beperk

Die groot inheemse bank met die wêreld se kennis van geldsake.



Wat het u bankier onlangs vir u gekoop?



Kom spaar by Santam Bank . . . ons
sit u wêreld op wiele, want ons ken
die genot wat geld kan bring.
Daarom voorsien Santam Bank geld vir
die lekker in u lewe.



Santam Bank

(GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK)

Om ons te ken is om van ons te hou.

ST 535/123A



*Elke Sigaret
n Meesterstuk*

Vervaardig in Suid-Afrika

VRFA191Q